

RIGTERS

Inleiding

Die naam *Rigters* is 'n vertaling van die Hebreuse naam van die boek, naamlik *Sjofetim*. Die naam beteken “regters” (Engels “Judges”), maar is in Afrikaans bekend as *Rigters*.

Die boek vorm deel van die groep boeke (*Josua, Rigters, 1 en 2 Samuel, en 1 en 2 Konings*), wat bekend staan as die Vroeë Profete. Daarin word die geskiedenis van Israel vertel, vanaf die intog in die beloofde land tot met die Babiloniese ballingskap.

Die skrywer of samestellers van die boek is onbekend. Terwyl daar baie ou oorlewings in die boek opgeneem is, is dit duidelik dat die boek 'n groeiproses deurloop het en dat dit, saam met die res van die genoemde groep, in die tyd van die Babiloniese ballingskap sy finale vorm gekry het.

Die eerste lesers van die volledige boek *Rigters* was waarskynlik Judese ballinge in Babilonië. Die boek sou met die heldeverhale en vertellings oor God se wonders van redding in nood, aan die vernederde Judeërs nuwe hoop kon gee.

Die boek bestaan uit vertelmateriaal in prosavorm met een lang gedig, die *Lied Van Debora* in *Rigters* 5:12-31, asook korter poëtiese spreuke (14:14,18; 15:15; 16:24). In 9:8-15 is die bekende fabel van Jotam. Die vertellings oor die heldefigure uit die verlede, is feitlik deurgaans ingebed in 'n vaste patroon wat telkens herhaal word: Israel raak afvallig; as straf word hulle aan vyande uitgelewer; hulle roep tot God om hulp; Hy stuur 'n redder wat die vyand verslaan en die orde herstel.

Hierdie vaste patroon ondersteun die tema van die boek, naamlik dat afvalligheid en ontrou aan God ernstige gevolge inhou, maar dat berou en verootmoediging voor Hom die hoop op herstel bring. Daarnaas open die woorde dat elkeen gedoen het wat reg was in sy eie oë (17:6), en die refrein dat daar geen koning in Israel was nie (18:1; 19:1), wat in die slotvers herhaal word, die deur na die koningskap wat in die Samuel-boeke aan die orde is. In die laaste deel van die boek (Rig 18 — 21) waar dit nie meer gaan oor die optrede van rigters nie, maar oor gruweldade onder die stamme van Israel, word die noodsaak van sentrale gesag onder een koning by die lesers tuisgebring.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1 — 2:23 Inleiding

3:1 — 12:15 Optrede van die rigters

13:1 — 16:31 Vertellings oor Simson

17:1 — 21:25 Gruweldade in Israel

1

Vestiging in Kanaän

¹ Ná Josua se dood* het die Israeliete die HERE geraadpleeg.* Hulle het gevra: “Wie van ons moet eerste optrek teen die Kanaäniete om teen hulle oorlog te maak?” ² Die HERE het geantwoord: “Juda moet optrek.* Kyk, Ek gee die land in hulle hand.”

*1:1 *Josua se dood*: Jos 24:29-30

*1:1 *die HERE geraadpleeg*: Num 27:21

*1:2 *Juda moet optrek*: Vgl Rig 20:18

³ Juda sê toe vir sy broer Simeon:^a “Trek saam met my op na die gebied wat aan my toegewys is,^b sodat ons teen die Kanaäniete kan oorlog maak; dan sal ek ook saam met jou optrek* na die gebied wat aan jou toegewys is.” Simeon het toe saam met hom gegaan.

⁴ Juda het opgetrek en die HERE het die Kanaäniete en die Feresiete in hulle hand gegee, sodat hulle by Besek tienduisend man verslaan het.

⁵ *By Besek het hulle Adoni-Besek teengekom, teen hom oorlog gemaak en die Kanaäniete en die Feresiete verslaan. ⁶ Toe Adoni-Besek vlug, het hulle hom agtervolg, hom gevang en sy duime en groottone afgekap.

⁷ Adoni-Besek het gesê: “Sewentig konings met afgekapte duime en groottone het onder my tafel kos bymekaargeskraap. Soos wat ek gedoen het, so het God my vergeld.*” Hulle het hom na Jerusalem geneem en daar is hy dood.

⁸ *Die nageslag van Juda het toe teen Jerusalem oorlog gevoer en dit ingeneem. Hulle het die stad met die skerpte van die swaard verslaan en dit aan die brand gestee.

⁹ Daarna het die nageslag van Juda afgegaan om teen die Kanaäniete wat in die bergland, in die Negev^c en in die Sjefela^d gewoon het, oorlog

^a1:3 *Juda ... Simeon*: Verwys hier na die stamme van Juda en Simeon.

^b1:3 *Trek ... my toegewys is*: Die deel wat deur loting aan elke stam toegewys is. Die •bronteks lui “Trek saam met my op in my lot”; Jos 19:1-9.

*1:3 *dan ... optrek*: Rig 1:17

*1:5 1 Sam 11:8

*1:7 *Soos ... vergeld*: Lev 24:19; 1 Sam 15:33; vgl Jak 2:13

*1:8 Vgl Jos 15:63; Rig 1:21

^c1:9 *Negev*: Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”.

^d1:9 *Sjefela*: Die laer liggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina.

te maak. ¹⁰ Juda het opgeruk na die Kanaäniete wat in Hebron* woon; die naam van Hebron was vroeër Kirjat-Arba.^e Hulle het Sesai, Agiman en Talmai* verslaan. ¹¹ Daarvandaan het hulle opgeruk na die inwoners van Debir;* die naam van Debir was vroeër Kirjat-Sefer.

¹²*Kaleb het toe gesê: “Die een wat Kirjat-Sefer aanval en inneem — vir hom sal ek my dogter Aksa as vrou gee.” ¹³ Otniël, die seun van Kenas, Kaleb se jonger broer, het die dorp toe ingeneem, en hy het sy dogter Aksa vir hom as vrou gegee. ¹⁴ Met haar aankoms het sy hom aangespoor om by haar pa 'n stuk land te vra. Toe sy van die donkie afklim, vra Kaleb vir haar: “Wat wil jy hê?” ¹⁵ Sy sê toe vir hom: “Gee vir my 'n buitengewone geskenk. Omdat u vir my grond in die Negev gegee het, moet u vir my waterbronne gee.” Hy het toe vir haar die boonste en die onderste bronne gegee.

¹⁶ Die nakomelinge van Moses se skoonpa, die Keniet,* het saam met die nakomelinge van Juda uit die Palmstad^f opgetrek na die Judese woestyn wat in die Negev by Arad lê. Hulle het daarheen gegaan en by die mense gaan woon.

¹⁷ Juda het saam met sy broer Simeon gegaan, en hulle het die Kanaäniete verslaan wat in Sefat woon. Hulle het die dorp met die

***1:10 Hebron:** Jos 10:36-37

^e**1:10 Kirjat-Arba:** Die naam beteken ‘dorp van Arba’.

***1:10 Sesai ... Talmai:** Rig 1:20

***1:11 Debir:** Jos 10:3

***1:12-15** Jos 15:16-19

***1:16 die Keniet:** Num 10:29; Rig 4:11

^f**1:16 die Palmstad:** 'n Ander naam vir Jerigo; Deut 34:3.

banvloek^g getref. Die dorp is toe Gorma^h genoem. ¹⁸* Juda het ook Gasa en sy grondgebied, Askelon en sy grondgebied, en Ekron en sy grondgebied ingeneem.

¹⁹ Die HERE was met Juda, sodat hy die bergland in besit geneem het. Juda kon egter nie die inwoners van die vlakte* verdryf nie, want hulle het ysterstrydwaens gehad. ²⁰ Juda het Hebron vir Kaleb gegee soos Moses beloof het, en hy het die drie afstammeling van Enak* daaruit verdryf.

²¹* En wat betref die Jebusiete wat in Jerusalem gewoon het — die nakomeling van Benjamin het hulle nie verdryf nie. Die Jebusiete het saam met die nageslag van Benjamin in Jerusalem bly woon, tot vandag toe.

²² Ook die huis van Josef het opgetrek — na Bet-El. Die HERE was met hulle. ²³ Die huis van Josef het Bet-El laat verken.* Die naam van die stad was vroeër Lus.* ²⁴ Dié wat die plek dopgehou het, sien toe 'n man wat uit die dorp uitgaan en sê vir hom: “Wys ons asseblief hoe om in die stad in te kom, dan sal ons aan jou trou bewys.”* ²⁵ Hy wys hulle toe hoe om in die stad in te gaan. Hulle het die stad met die skerpte van die swaard verslaan, maar die man en sy hele familiegroep het hulle weggestuur.

^g**1:17 banvloek:** Die banvloek beteken dat iets volledig aan die *HERE* behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word, soos in hierdie geval, heeltemal vernietig; •Banvloek.

^h**1:17 Gorma:** Die naam beteken ‘banoffer’.

***1:18** Jos 13:3

***1:19** *inwoners ... vlakte:* Num 14:45

***1:20** *drie ... Enak:* Rig 1:10

***1:21** Jos 15:63

***1:23** *Bet-El laat verken:* Vgl Jos 2:1; 7:2

***1:23** *Die naam ... Lus:* Gen 28:19

***1:24** *dan ... bewys:* Vgl Jos 2:12,14

²⁶ Die man het toe na die land van die Hetiete gegaan en 'n dorp gebou wat hy Lus genoem het. Dit is die dorp se naam tot vandag toe.

²⁷ *Manasse het egter nie Bet-San met sy omliggende dorpies en Taänak met sy omliggende dorpies verower nie, en nie die inwoners van Dor met sy omliggende dorpies, die inwoners van Jibleam met sy omliggende dorpies, en die inwoners van Megiddo met sy omliggende dorpies verdryf nie. Die Kanaäniete was vasberade om in hierdie landstreek te bly woon. ²⁸ Toe Israel sterker geword het, het hulle die Kanaäniete dwangarbeid laat doen, maar hulle het hulle nie heeltemal verdryf nie.

²⁹ *Ook Efraim het nie die Kanaäniete verdryf wat in Geser gewoon het nie. Die Kanaäniete het in Geser tussen hulle bly woon.

³⁰ Sebulon het nie die inwoners van Kitron en Nahalal verdryf nie. Die Kanaäniete het tussen hulle bly woon, maar moes dwangarbeid verrig.

³¹ *Aser het nie die inwoners van Akko en Sidon en ook nie dié van Aglab, Aksib, Gelba, Afek en Regob verdryf nie. ³² Die stam van Aser het tussen die Kanaäniete, die inwoners van daardie landstreek, gewoon, want hulle het hulle nie verdryf nie.

³³ Naftali het nie die inwoners van Bet-Semes en Bet-Anat verdryf nie en het tussen die Kanaäniete, die inwoners van daardie landstreek, gewoon. Maar die inwoners van Bet-Semes en Bet-Anat moes vir hulle dwangarbeid verrig.

³⁴ *Die Amoriëte het die nageslag van Dan in die bergland ingedwing, want hulle het hulle nie toegelaat om af te gaan na die vlakte nie. ³⁵ Die Amoriëte was vasberade om in Har-Geres, Ajalon en Saälbim te bly woon, maar toe die hand van die huis van Josef swaar op hulle begin

* **1:27-28** Jos 17:11-13

* **1:29** Jos 16:9-10

* **1:31-32** Jos 17:11-13

* **1:34** Jos 19:47

druk, moes hulle dwangarbeid verrig.

³⁶ Die gebied van die Amoriëte was vanaf die Akrabbimhoogte,ⁱ vanaf Sela^j en verder op.

2

¹ Die Engel van die HERE^k het van Gilgal af opgegaan na Bokim en gesê: “Toe Ek julle uit Egipte laat optrek het en julle gebring het na die land wat Ek met 'n eed aan julle voorvaders beloof het, het Ek gesê, ‘Ek sal nooit my verbond met julle verbreek nie,* ² maar julle mag nie 'n verdrag sluit met die inwoners van hierdie land nie.* Hulle altare moet julle afbreek.*’ Maar julle het nie na my stem geluister nie. Waarom het julle so opgetree? ³ En Ek sê ook vir julle, ‘Ek sal hulle nie voor julle uitdryf nie. Hulle gaan vir julle strikke^l word en hulle gode sal vir julle 'n valstrik word.*’ “

⁴ Nadat die Engel van die HERE hierdie woorde vir al die Israëliëte gesê het, het die volk hardop gehuil. ⁵ Hulle het daardie plek toe Bokim^m genoem, en daar vir die HERE offers geslag.

ⁱ1:36 **Akrabbimhoogte:** *Akrabbim* beteken ‘skerpioene’.

^j1:36 **vanaf Sela:** Kan ook vertaal word “vanaf die rots”.

^k2:1 **Engel ... HERE:** Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat as boodskapper van God direk namens Hom praat. Kan ook vertaal word “die Boodskapper van die *HERE*”.

*2:1 *Ek sal ... verbreek nie:* Gen 17:7-8; Eks 2:24; 2 Kon 13:23; Ps 105:8-13; 106:45; vgl Eseg 16:60

*2:2 *verdrag ... land nie:* Eks 23:32; 34:12; Deut 7:2

*2:2 *Hulle ... afbreek:* Eks 34:13; Deut 7:5; 12:3

^l2:3 **strikke:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks wat lui “heupe”. Die vertaling “strikke” is afgelei van 'n verwante woord in Akkadies.

*2:3 *Hulle ... valstrik word:* Eks 23:33; Deut 7:16,25; Rig 8:27; Ps 106:36

^m2:5 **Bokim:** Die Hebreeuse woord beteken ‘huilendes’.

Dood van Josua

⁶ * Josua het die volk weggestuur, en die Israeliete het elkeen na sy erfdeel gegaan om die land in besit te neem. ⁷ Die volk het die HERE gedien gedurende Josua se leeftyd, en ook gedurende die leeftyd van die oudstesⁿ wat vir Josua oorleef het, hulle wat al die groot dae van die HERE gesien het wat Hy vir Israel gedoen het. ⁸ Josua, seun van Nun, die dienskneg van die HERE het op die ouderdom van honderd-en-tien jaar gesterf. ⁹ Hulle het hom begrawe in die gebied van sy erfdeel in Timnat-Geres,^o wat in die heuweland van Efraim* geleë is, noord van die berg Gaäs.

Ontrou van Israel

¹⁰ * Nadat ook daardie hele geslag met hulle voorouers verenig is, het daar 'n ander geslag ná hulle opgestaan wat nie die HERE geken het,* en ook nie die dae wat Hy vir Israel gedoen het nie. ¹¹ Die Israeliete het toe gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE; hulle het die Baäls^p gedien. ¹² Hulle het die HERE, die God van hulle voorouers, wat hulle uit Egipteland laat wegtrek het, verlaat, en agter ander gode aangeloop, van die gode van die volke wat rondom hulle was. Hulle het voor hulle in aanbidding neergebuig en die HERE uitgetart. ¹³ * Hulle het die HERE

***2:6-9** Jos 24:28-31

ⁿ**2:7 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^o**2:9 Timnat-Geres:** In Jos 19:50; 24:30 word die plek Timnat-Serag genoem.

***2:9 heuweland van Efraim:** Jos 24:33; Rig 17:1

***2:10-23** Ps 106:40-46

***2:10** nie ... geken het: Gal 4:8; 1 Thess 4:5

^p**2:11 Baäls:** Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat daar geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21. Die meervoud “Baäls” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die afgod.

***2:13** Rig 10:6

verlaat en Baäl en die Astartes^q gedien. ¹⁴ Die HERE het kwaad geword vir Israel. Hy het hulle oorgelewer in die hand van plunderaars,* en dié het hulle geplunder. Hy het hulle oorgelewer in die hand van hulle vyande rondom hulle. Hulle kon nie meer standhou voor hulle vyande nie. ¹⁵ In al die veldtogte wat hulle onderneem het, was die hand van die HERE teen hulle, ten kwade, net soos die HERE gesê het, ja, net soos die HERE vir hulle gesweer het.*

Maar wanneer die nood vir hulle op sy hoogste was, ¹⁶ het die HERE rigters laat opstaan.* Hulle het die volk dan verlos uit die hand van dié wat hulle geplunder het. ¹⁷ Ook na hulle rigters het hulle nie geluister nie, want hulle het agter ander gode aan gehoereer^r en voor hulle in aanbidding gebuig.* Hulle het gou afgewyk van die pad wat hulle voorouers gevolg het in gehoorsaamheid aan die HERE se gebooie. Hulle het nie so opgetree nie.

¹⁸ Wanneer die HERE vir hulle rigters laat opstaan het, was die HERE met die rigter, en het Hy hulle verlos uit die hand van hulle vyande solank die rigter geleef het. Die HERE het hulle immers jammer gekry* vanweë hulle gekreun oor dié wat hulle verdruk en onderdruk het. ¹⁹ Maar wanneer die rigter sterf, het hulle nog meer ontaard* as hulle ouers deur agter ander gode aan te loop, hulle te dien en voor hulle in aanbidding te

^q**2:13 Astartes:** 'n Vrugbaarheidsgodin wat met liefde en oorlog geassosieer is. Die meervoud “Astartes” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die godin.

***2:14 oorgelewer ... plunderaars:** 2 Kon 17:20; Eseg 30:12

***2:15 In ... gesweer het:** Lev 26:14-46

***2:16 rigters laat opstaan:** Rig 3:9,15; Hand 13:20

^r**2:17 agter ... gehoereer:** Dit verwys na die vrugbaarheidsgodsdien waarvan tempelprostitusie 'n deel was. Dit was 'n teken van volslae ontrou aan die HERE.

***2:17 het agter ... gebuig:** Eks 34:15; Deut 31:16; Rig 2:11-13; 8:33; 10:6

***2:18 Die ... gekry:** Deut 32:36; Ps 106:43-44

***2:19 Maar ... ontaard:** Rig 3:7,12; 4:1; 6:1; 8:33; 10:6; 13:1

buig. Hulle het nie enige van hulle daade en hardnekkige optrede laat vaar nie.

²⁰ Dan het die HERE kwaad geword vir Israel. Hy het gesê: “Omdat hierdie nasie my verbond wat Ek hulle voorvaders opgelê het, oortree het, en nie na my stem geluister het nie, ²¹ *sal Ek ook nie voortgaan om enigiemand voor hulle te verdryf nie — nie enige van die nasies wat Josua laat oorbly het toe hy dood is nie — ²² om Israel sodoende deur hulle te toets.* Gaan hulle by die HERE se paaie hou deur daarop te loop soos hulle voorouers daarby gehou het, of nie?”

²³ Daarom het die HERE daardie nasies met rus gelaat deur hulle nie dadelik te verdryf nie. Hy het hulle ook nie in Josua se hand oorgegee nie.

3

¹ Dit is die nasies wat die HERE met rus gelaat het, om Israel deur hulle te toets* — dit is nou almal wat nie ervaring gehad het van al die oorloë in Kanaän nie — ² net sodat die geslagte van die Israeliete ervaring kon opdoen om te leer oorlog maak, ten minste dié wat nie voorheen daarmee vertrouwd was nie: ³ die vyf regeerders van die Filistyne, al die Kanaäniete, die Sidoniërs en die Hewiete wat op die Libanongeberge gewoon het, vanaf die berg Baäl-Hermon tot by Lebo-Hamat. ⁴ Hulle was daar sodat die HERE^s Israel deur hulle kon toets, om vas te stel of Israel die gebooe van die HERE wat Hy hulle voorouers deur Moses beveel het, sal gehoorsaam.

⁵ *Die Israeliete het toe tussen die Kanaäniete, die Hetiete, die Amoriete,

*2:21 Vgl Jos 13:1-7; 23:1-16

*2:22 *Israel ... toets:* Rig 3:1,4

*3:1-4 *Dit ... toets:* Jos 13:1-7; Rig 2:21-22

*3:4 **HERE:** Ontbreek in die •bronteks, maar word veronderstel; vgl Jos 3:1.

*3:5-6 Eks 34:11-16

die Feresiete, die Hewiete en die Jebusiete gewoon, ⁶ en hulle dogters vir hulle as vroue geneem, hulle eie dogters aan hulle seuns gegee, en hulle gode gedien.

Otniël

⁷ Die Israeliete het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE.* Hulle het die HERE hulle God vergeet en die Baäls^t en asjeras^u gedien. ⁸ Toe het die HERE kwaad geword vir Israel, en Hy het hulle oorgelewer in die hand van Kusan-Risatajim, die koning van Aram-Naharajim.^v Die Israeliete het Kusan-Risatajim agt jaar lank gedien. ⁹ Toe het die Israeliete na die HERE om hulp geroep.* Hy het 'n verlosser vir die Israeliete laat opstaan, wat hulle verlos het. Dit was Otniël, die seun van Kenas, die jonger broer van Kaleb.* ¹⁰ Die Gees van die HERE het op hom gerus* en hy het Israel gerig.^w Hy het uitgetrek om oorlog te voer, en die HERE het vir Kusan-Risatajim, die koning van Aram, in sy hand gegee, sodat hy die oorhand oor Kusan-Risatajim gekry het. ¹¹ Daarna het die land veertig jaar lank rus gehad.* Toe het Otniël, seun van Kenas, gesterf.

***3:7** *Israeliete ... HERE:* Rig 2:19; 3:12; 4:1; 6:1; 8:33; 10:6; 13:1

^t**3:7** *Baäls:* Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21. Die meervoud “Baäls” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die afgod.

^u**3:7** *asjeras:* Voorwerpe wat in die Baälgodsdien gedien het as simbole van die moedergodin Asjera; •Baäl.

^v**3:8** *Aram-Naharajim:* Letterlik ‘Aram van die twee riviere’. Dit verwys na Mesopotamië.

***3:9** *Toe ... geroep:* Rig 3:15; 4:3; 6:6-7; 10:10

***3:9** *Otniël ... Kaleb:* Jos 15:17; Rig 1:13

***3:10** *Die ... gerus:* Vgl Rig 6:34; 11:29; 13:25; 1 Sam 10:6; 11:6; 16:3; 2 Kron 15:1

^w**3:10** *gerig:* Die Hebreeuse woord dui onder meer op beslissings gee, as leier of aanvoerder optree; •Rigter.

***3:11** *land ... gehad:* Rig 3:30; 5:31; 8:28

Ehud

¹² Die Israeliete het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE.* Die HERE het Eglon, die koning van Moab,* teen Israel versterk, omdat hulle gedoen het wat verkeerd is in die oë van die HERE.¹³ Eglon het die Ammoniete* en Amalekiete* by hom byeengebring. Hy het gegaan, Israel verslaan en die Palmstad^x ingeneem.¹⁴ Daarna het die Israeliete Eglon, die koning van Moab, agttien jaar lank gedien.

¹⁵ Die Israeliete het na die HERE om hulp geroep, en die HERE het vir hulle 'n verlosser laat opstaan. Dit was Ehud, die seun van Gera,* die Benjaminiet,^y 'n man wat linkshandig was. Die Israeliete het hom gestuur met belasting^z vir Eglon, die koning van Moab.¹⁶ Ehud het vir hom 'n swaard gemaak met twee snykante wat 'n gomed^a lank was. Hy het dit onder sy klere aan sy regterheup vasge Gord.¹⁷ Hy gaan bied toe die belasting aan vir Eglon, die koning van Moab. Eglon was 'n baie vet man.

¹⁸ Nadat hy klaar die belasting aangebied het, het hy die manskappe wat die belasting gedra het, laat gaan.¹⁹ Self het hy by die afgodsbeelde wat by Gilgal is, teruggedraai. “Ek het 'n geheime boodskap vir u, o koning,” het hy gesê. Eglon het gesê: “Stilte!” waarop almal wat hom bystaan, toe uitgegaan het.²⁰ Maar Ehud het na hom toe ingegaan, waar hy in die koel bovertrek sit wat vir die koning alleen bedoel was. “Ek het 'n boodskap van God vir u,” het Ehud gesê. Toe Eglon van die troon af

***3:12** *Israeliete ... weer gedoen wat verkeerd is ... HERE: Vs 7*

***3:12** *Moab: Gen 19:36-37; Rig 3:4-15,17,28,30; 1 Sam 12:9*

***3:13** *Ammoniete: Gen 19:36,38; Rig 10:6-7,11,17-18; 11:4*

***3:13** *Amalekiete: Eks 17:8; Deut 25:17,19; Rig 5:14; 6:3,33; 7:12; 10:12*

x3:13 *die Palmstad: 'n Ander naam vir Jerigo; Deut 34:3.*

***3:15** *Gera: Gen 45:21*

y3:15 *Benjaminiet: Benjamin beteken ‘seun van die regterhand’.*

z3:15 *met belasting: Die Israeliete was •skatpligtig aan die oorwinnaar.*

a3:16 *gomed: 'n Lengtemaat wat net korter as 'n •el is, •Lengtemate.*

opstaan, ²¹ steek Ehud sy linkerhand uit, vat die swaard van sy regterheup af en steek dit in sy maag in, ²² sodat selfs die hef agter die lem ingaan en die vet die lem omsluit; want hy het nie die swaard uit sy maag uitgetrek nie. Hy is toe by die geheime uitgang^b uit. ²³ Ehud het na die suilegang^c uitgegaan, maar hy het eers die deure na die bovertrek agter hom toegemaak en gesluit.

²⁴ Hy was net uit, toe daag Eglon se dienaars op en sien: Kyk, die deure na die bovertrek is dan gesluit! Hulle sê toe: “Hy is seker maar besig om sy voete te bedek^d in die koel kamer.” ²⁵ Hulle het gewag totdat hulle verleë geraak het, maar kyk, niemand het die deure van die bovertrek oopgemaak nie. Hulle vat toe 'n sleutel en sluit oop. En daar lê hulle heer op die grond — morsdood!

²⁶ Ehud het ontvlug terwyl hulle bly talm het. Hy is by die afgodsbeelde oor die grens en het na Seira ontvlug. ²⁷ Daar aangekom, het hy in die heuweland van Efraim* die ramshoring laat blaas.* Die Israeliete het toe saam met hom afgetrek uit die bergland, met hom aan die voorpunt. ²⁸ Hy het vir hulle gesê: “Volg my, want die HERE gee julle vyande, die Moabiete, in julle hand.”* Hulle het toe afgetrek agter hom aan en die driewe van die Jordaan na Moab beset.* Niemand is toegelaat om deur te

^b**3:22 geheime uitgang:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die woord in die bronteks. Die vertaling “geheime uitgang” sluit aan by 'n Akkadiese woord wat ‘opening’ beteken. Die woord ontbreek in die •Septuagint, maar word in een van die Griekse mss vertaal met “ingangsportaal”; vgl egter Rig 1:23.

^c**3:23 suilegang:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die woord in die bronteks. Die •Targum en •Septuagint gee dit met “portaal” weer.

^d**3:24 voete te bedek:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “om te ontlas”.

***3:27 heuweland van Efraim:** Jos 24:33; Rig 2:9; 17:1

***3:27 ramshoring laat blaas:** Rig 6:34; 7:18,20; 1 Sam 13:3

***3:28 want ... hand:** Rig 4:14; 7:9,14-15; 8:3

***3:28 driewe ... beset:** Vgl Rig 12:5

gaan nie. ²⁹ Hulle het Moab in dié tyd verslaan — ongeveer tienduisend man, almal stewige manne, almal bedrewe manne — nie een het ontvlug nie. ³⁰ Op daardie dag moes Moab die knie buig voor die mag van Israel. Daarna het die land tagtig jaar lank rus gehad.*

Samgar

³¹ Ná Ehud was dit Samgar, seun van Anat.* Hy het die Filistyne verslaan, seshonderd man, met 'n osdrywerstok.^e Ook hy het Israel verlos.*

4

Debora en Barak

¹ Ná Ehud se dood het die Israëliete weer gedoen wat verkeerd is in die oë die HERE.* ² Die HERE het hulle toe oorgelewer* in die hand van Jabin, die koning van Kanaän, wat in Hasor* regeer het, en in die hand van sy leëraanvoerder Sisera. Hy was gesetel in Garoset-Gojim. ³ Die Israëliete het na die HERE om hulp geroep,* want Sisera^f het negehonderd ysterstrydwaens* gehad en hy het die Israëliete twintig jaar lank wreed mishandel.*

***3:30** land ... gehad: Rig 3:11; 5:31; 8:28

***3:31** Samgar ... Anat: Rig 5:6

^e**3:31** *osdrywerstok*: 'n Stok met 'n skerp metaalpunt waarmee osse gesteek is om hulle aan te dryf; vgl 1 Sam 13:21.

***3:31** *Israel verlos*: Rig 2:16

***4:1** *Israëliete ... HERE*: Rig 2:19; 3:7,12; 6:1; 8:33; 10:6; 13:1

***4:2** *Die ... oorgelewer*: Rig 2:14

***4:2** *Jabin ... Hasor*: Jos 11:1-10; Ps 83:10

***4:3** *Die ... geroep*: Rig 3:9,15; 6:6-7; 10:10

^f**4:3** *Sisera*: Die •bronteks lui “hy”. Dit kan ook na Jabin verwys; 1 Sam 12:9.

***4:3** *ysterstrydwaens*: Jos 17:16,18; Rig 1:18-19

***4:3** *Israëliete 20 ... mishandel*: Ps 106:42

⁴ Debora, 'n profetes, die vrou van Lappidot, het in daardie tyd vir Israel as rigter opgetree. ⁵ Sy het altyd onder die palm van Debora gesit, tussen Rama en Bet-El in die heuweland van Efraim*, en die Israeliete het na haar opgegaan vir beslissings.

⁶ Sy het Barak, seun van Abinoam, uit Kedes in Naftali ontbied en vir hom gesê: “Het die HERE, die God van Israel, nie hierdie opdrag gegee nie? ‘Gaan, trek saam op die berg Tabor! Neem tienduisend man uit die nageslag van Naftali en Sebulon saam met jou; ⁷ dan sal Ek vir Sisera, die leëraanvoerder van Jabin, met sy strydwaens en troepe na jou lok, na die Kisonspruit.* Ek gee hom in jou hand.’ ”

⁸ Maar Barak het vir haar gesê: “As jy met my saamgaan, sal ek gaan; maar as jy nie met my saamgaan nie, sal ek nie gaan nie.” ⁹ Sy sê toe: “Ek sal beslis met jou saamgaan. Dit sal egter nie tot jou eer strek op die pad waarop jy gaan nie, want in die hand van 'n vrou sal die HERE Sisera oorlewer.” Debora staan toe op en gaan saam met Barak na Kedes.

¹⁰ Barak het Sebulon en Naftali na Kedes opgeroep. Tienduisend man het in sy voetspore opgetrek, en Debora het saam met hom opgetrek.

¹¹ Geber, die Keniet,* het van die Keniete afgeskei, van die nageslag van Gobab, Moses se skoonvader.* Hy het sy tent opgeslaan by die akkerboom in Saänannim wat naby Kedes is.

¹² Toe hulle vir Sisera berig bring dat Barak, seun van Abinoam, na die berg Tabor opgetrek het, ¹³ het Sisera sy hele strydswamag, negehonderd ysterstrydwaens, en al die manskappe wat by hom was, opgeroep uit Garoset-Gojim na die Kisonspruit. ¹⁴ Toe sê Debora vir Barak: “Maak gereed, want vandag is die dag waarop die HERE Sisera in jou hand gee.

* 4:5 *heuweland van Efraim*: Jos 24:33

* 4:7 *Kisonspruit*: Rig 2:9; 4:13; 5:21; 17:1; 1 Kon 18:40; Ps 83:10

* 4:11 *Geber, die Keniet*: Rig 1:16

* 4:11 *Gobab ... skoonvader*: Num 10:29

Trek die HERE self nie voor jou uit nie?” Daarop het Barak van die berg Tabor afgetrek met tienduisend man agter hom. ¹⁵ *Die HERE het Sisera, sy hele strydswamag en sy hele leër voor Barak in verwarring gebring deur die skerpte van die swaard. Sisera het van sy strydwa afgeklim en te voet gevlug. ¹⁶ Barak het egter die strydswamag en leër agtervolg tot by Garoset-Gojim. Sisera se hele leër het deur die skerpte van die swaard geval; nie een het oorgebly nie.

¹⁷ Sisera het te voet gevlug na die tent van Jael,* die vrou van Geber, die Keniet, want daar was 'n vredesooreenkoms tussen Jabin, die koning van Hasor, en die huis van Geber, die Keniet. ¹⁸ Jael het uit die tent gekom, Sisera tegemoet, en vir hom gesê: “Draai af, my heer, draai af na my. Moenie bang wees nie!” Hy het na haar, na die tent afgedraai en sy het hom met 'n deken^g toegemaak. ¹⁹ Hy sê toe vir haar: “Gee my asseblief 'n bietjie water om te drink, want ek is dors.” Sy maak toe die leersak^h met melk oop, en laat hom drink. Sy het hom weer toegemaak. ²⁰ Hy het vir haar gesê: “Staan by die opening van die tent en as hier iemand aankom en vir jou vra, ‘Is daar iemand hier?’, moet jy sê, ‘Nee!’ ”

²¹ Maar Jael, die vrou van Geber, het 'n tentpen gevat en met die hamer in haar hand het sy stilletjies ingegaan na hom toe. Sy het die tentpen in sy slaap ingeslaan, sodat dit in die grond ingegaan het. Hy was vas aan die slaap van uitputting, en het gesterf.

²² Juis toe Barak besig was om Sisera te agtervolg, kom Jael uit die tent, hom tegemoet, en sê vir hom: “Kom, ek sal jou die man wys wat jy soek.” Hy het saam met haar ingegaan, en kyk, daar lê Sisera dood met die

* **4:15** Ps 83:10

* **4:17** *Jael*: Rig 5:24

^g**4:18** *deken*: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

^h**4:19** *leersak*: Gewoonlik van 'n volle skaap- of bokvel gemaak en kon gevul word met water of wyn.

tentpen deur sy slaap!

²³ So het God op daardie dag vir Jabin, die koning van Kanaän, die knie laat buig voor die Israeliete. ²⁴ *Die hand van die Israeliete het algaande swaarder gedruk op Jabin, die koning van Kanaän, totdat hulle Jabin, die koning van Kanaän, vernietig het.

5

Lied van Debora

¹ *Op daardie dag het Debora en Barak, seun van Abinoam, gesing:

² “Wanneer hare onversorgⁱ is in Israel,
wanneer manskappe vrywillig aanmeld —
prys die HERE!

³ Luister, konings;
gee aandag, regeerders!
Ek, vir die HERE wil ek sing;
ek wil met begeleiding sing,
vir die HERE, die God van Israel.

⁴ HERE, toe U uitgetrek het uit Seir,*
toe U vooruit gestap het uit die gebied van Edom,
het die aarde gebewe;
selfs die hemel het gegiet,
ja, die wolke het water gegiet.*

* 4:24 Neh 9:24

* 5:1-31 Vgl Eks 15:1-21

ⁱ5:2 *hare onversorg*: In 'n heilige oorlog het manskappe hulle hare nie versorg nie, as gevolg van die oortuiging dat krag in hare setel.

* 5:4 *Seir*: Deut 33:2

* 5:4 *U vooruit ... water gegiet*: Ps 68:8-9

⁵ *Berge het gevloei^j
voor die HERE, die Een van Sinai,
voor die HERE, die God van Israel.

⁶ “In die tyd van Samgar, seun van Anat,
in die tyd van Jael,^{*}
was die paaie verlate,^{*}
het dié wat op reis gaan
die kronkelpaaie gevolg.

⁷ Krygers het ontbreek;
in Israel het hulle ontbreek,
totdat jy, Debora, opgestaan het,
totdat jy,^k 'n moeder in Israel, opgestaan het.^{*}

⁸ Nuwe gode is gekies!^{*}
Was daar toe vegters^l in die poorte?
Was skild of steekspies te sien
by veertigduisend in Israel?

⁹ My hart is by die bevelvoerders van Israel,
die vrywilligers onder die volk.
Prys die HERE!

* 5:5 Eks 19:18

^j5:5 *het gevloei*: Die •Septuagint, die •Siriese vertaling en die •Targum lui “het gebewe”.

* 5:6 *Samgar ... Anat*: Rig 3:31

* 5:6 *Jael*: Rig 4:17-22

* 5:6 *paaie verlate*: Lev 26:22

^k5:7 *jy ... jy*: Kan ook vertaal word “ek ... ek”.

* 5:7 *Debora ... Israel opgestaan het*: Rig 4:4-5

* 5:8 *Nuwe ... gekies*: Deut 32:16

^l5:8 *vegters*: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

¹⁰ “Julle wat op wit eselinne ry,^{*}
wat op saalkleedjies^m sit,
ook julle wat langs die pad loop —
basuin dit uit,

¹¹ nog harder as die stemme van hulle
wat troppe skei tussen die drinkbakke!
Daar moet hulle die reddingsdade van die HERE besing,
die reddingsdade van sy krygers in Israel.
Dan sal die manskappe van die HERE
afkom na die poorte.

¹² “Ontwaak, ontwaak, Debora!
Ontwaak, ontwaak, sing 'n lied!
Staan op, Barak;
voer jou gevangenes weg, seun van Abinoam!^{*}

¹³ “Toe het dié wat oorgebly het,
afgekom na dié wat sterk is;
die manskappe van die HERE
het as helde afgekom na my.

¹⁴ Uit Efraim^{*} kom hulle wie se wortels in Amalek^{*} is;ⁿ
hulle is agter jou, Benjamin, as jou manskappe!”
Uit Makir kom die bevelvoerders af,^{*}

^{*}5:10 *Julle ... ry*: Rig 10:4; 12:14

^m5:10 *saalkleedjies*: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^{*}5:12 *Barak ... Abinoam*: Rig 4:6-16

^{*}5:14 *Efraim*: Jos 24:33; Rig 3:27

^{*}5:14 *Amalek*: Eks 17:8; Deut 25:17,19; Rig 3:13

ⁿ5:14 *kom ... Amalek is*: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^{*}5:14 *Uit Makir ... af*: Num 32:39-40

en uit Sebulon* —

hulle wat die staf van skrywer dra.^o

¹⁵ Leiers uit Issaskar is by Debora.

Issaskar is soos Barak —

hy is in die vlakke uitgestuur op sy spoor.

In die geledere van Ruben

was die oorwegings van die hart groot.

¹⁶ Waarom het jy tussen die saalsakke bly sit

om te luister na die fluitspel by die veetroppe?

In die geledere van Ruben

was die oorwegings van die hart groot.

¹⁷ Gilead het oorkant die Jordaan vertoef,

en Dan — waarom is hy tydelik by die skepe?*

Aser sit langs die seestrand,

by sy vasmeerplekke vertoef hy.*

¹⁸ Sebulon is manskappe wat die dood uittart,

ook Naftali, op die heuwels in die veld.*

¹⁹ Konings het gekom, hulle het geveg;

toe het die konings van Kanaän geveg

by Taänak,* langs die water van Megiddo;

maar nie 'n enkele stuk silwer kon hulle buit nie.

*5:14 *Sebulon*: Rig 4:6

^o5:14 *hulle wat ... dra*: Verwys waarskynlik na persone wat die name van manskappe opteken.

*5:17 *Dan ... skepe*: Jos 19:40-48

*5:17 *Aser ... vertoef hy*: Jos 19:24-31

*5:18 *Sebulon ... veld*: Rig 4:7,10

*5:19 *Taänak*: Rig 1:27

²⁰ *Uit die hemelruim het die sterre geveg;
uit hulle wentelbane het hulle teen Sisera geveg.

²¹ *Die Kisonspruit het hulle weggespoel,
die oeroue spruit, die Kisonspruit!

Ek wil voortgaan met krag:

²² Daarna het die perdepote gedreun van die jaagtog,
die jaagtog van sy hingste!

²³ “Vervloek Meros,^p”
sê die engel van die HERE,^q

“vervloek sy inwoners volkome;

want hulle het nie gekom

ter ondersteuning van die HERE nie,

ter ondersteuning van die HERE

teen die helde nie.”

²⁴ Geseënd onder die vroue is Jael,
die vrou van Geber, die Keniet,
geseënd onder die vroue in tente.

²⁵ *Water het hy gevra, melk het sy gegee,
in 'n kom geskik vir magtiges
het sy dikmelk aangebied.

²⁶ Haar hand steek sy uit na die tentpen,
haar regterhand na die werkers se hamer.

*5:20 Rig 4:15

*5:21 Rig 4:7,13

^p5:23 **Meros:** Dit is 'n dorp in Naftali.

^q5:23 **die engel ... HERE:** Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding. Kan ook vertaal word “die boodskapper van die HERE”.

*5:25-27 Rig 4:17-21

Sy slaan Sisera met die hamer, verpletter sy kop;
sy verbrysel, sy deurboor sy slape.

²⁷ Aan haar voete sak hy inmekaar,
hy val, bly lê;
aan haar voete sak hy inmekaar, hy val;
waar hy inmeekaarsak, daar val hy, neergeslaan.

²⁸ Deur die venster kyk sy af,
die ma van Sisera roep klaend deur die latwerk:
Waarom sloer sy strydwa om te kom?

Waarom talm die gerammel van sy strydwaens?

²⁹ Die slimstes van haar hofdames antwoord haar;
ja, sy sê dit ook vir haarself:

³⁰ “Kom hulle nie af op buit en verdeel dit nie?
'n Vrouelyf, twee vrouelywe vir elk van die helde,
'n buit van veelkleurige doeke vir Sisera,
'n buit van veelkleurige doeke,
kleurvol geweefde doeke,
twee kleurvol geweefde doeke,
vir die halse van hulle wat gebuit is.”

³¹ So moet al u vyande omkom, *HERE!**

Maar hulle wat Hom liefhet,
is soos die son wat opkom in sy krag!*

Daarna het die land vir veertig jaar lank rus gehad.*

* **5:31** So ... *HERE*: Ps 83:10

* **5:31** Maar ... *krag*: 2 Sam 23:4; Matt 13:43

* **5:31** Daarna ... *gehad*: Rig 3:11,30; 8:28

6

Gideon

¹ Die Israeliete het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE,* en Hy het hulle sewe jaar lank oorgegee in die hand van die Midianiete.*

²*Die hand van die Midianiete het swaar op Israel gerus. Vanweë die Midianiete het die Israeliete vir hulle skuilplekke in die berge ingerig, ook grotte en bergvestings. ³ Telkens wanneer die Israeliete gesaai het, trek die Midianiete, die Amalekiete* en mense uit die ooste^r op. Hulle trek teen Israel op, ⁴ slaan by hulle kamp op en verwoes die opbrengs van die land tot by Gasa. Hulle laat dan geen lewensmiddele in Israel oorbly nie, ook nie 'n skaap, 'n bees of 'n donkie nie. ⁵*Want hulle, met hulle veetroppe en tente, het opgetrek en soos groot swerms sprinkane ingekom — hulle en hulle kamele was ontelbaar. Hulle het die land binnegeval om dit te verwoes. ⁶ Israel het heeltemal verarm vanweë die Midianiete, en die Israeliete het na die HERE om hulp geroep.*

⁷ Toe die Israeliete na die HERE om hulp roep oor die Midianiete, ⁸ het die HERE iemand, 'n profeet, na die Israeliete gestuur. Hy het vir hulle gesê: “So sê die HERE, die God van Israel, ‘Dit is Ek wat julle uit Egipte laat optrek het; Ek het julle laat wegtrek uit die plek van slawerny. ⁹ Ek het julle gered uit die hand van die Egiptenare en van almal wat julle mishandel. Ek het hulle voor julle uitgedryf en hulle land vir julle gegee.

* **6:1** Die ... HERE: Rig 2:19; 3:7,12; 4:1; 8:33; 10:6; 13:1

* **6:1** Midianiete: Gen 25:2; Eks 2:15

* **6:2** Rig 6:3-7

* **6:3** Amalekiete: Eks 17:8; Deut 25:17,19; Rig 3:13; 10:12

^r**6:3** mense ... ooste: Dit verwys na woestynbewoners uit die gebiede oos van Palestina; vgl Gen 29:1; Jes 11:14; Jer 49:28; Eseg 25:4,10.

* **6:5** Rig 7:12

* **6:6** Israeliete ... geroep: Rig 3:9,15; 4:3; 10:10

¹⁰ Ek het vir julle gesê: “Ek, die HERE, is julle God. Julle mag nie ontsag hê vir die gode van die Amoriëte in wie se land julle woon nie.”* ’ Maar julle het na my stem nie geluister nie.”

¹¹ Daarna het die Engel van die HERE^s gekom en gaan sit onder die terebintboom^t by Ofra, wat aan Joas van die familie van Abiëser* behoort. Sy seun Gideon* was juis besig om koring uit te slaan in die parskuip, om dit vinnig teen die Midianiete te beveilig.* ¹² Die Engel van die HERE het aan hom verskyn en vir hom gesê: “Die HERE is met jou, dapper kryger!” ¹³ Maar Gideon sê vir hom: “Asseblief, my Heer, as die HERE dan werklik met ons is, waarom tref al hierdie dinge ons? En waar is al sy wonderwerke waarvan ons voorouers ons vertel het toe hulle gesê het, ‘Het die HERE ons nie uit Egipte laat optrek nie?’ Maar nou het die HERE ons verstoot en ons oorgegee in die hand^u van die Midianiete.”

¹⁴ Toe draai die HERE na hom en sê: “Gaan met die krag wat jy het, en verlos Israel uit die hand van die Midianiete. Het Ek jou nie gestuur nie?”

¹⁵ Maar hy het Hom geantwoord: “Asseblief, my Heer! Hoe kan ek Israel verlos? Kyk, my familiegroep is die armste in Manasse, en ek is die jongste in my familie.” ¹⁶ Die HERE sê toe vir hom: “Omdat Ek met jou sal

* **6:10** Ek, die ... woon nie: Eks 20:3; Deut 6:15; Jos 24:15; 2 Kon 17:35-39

^s**6:11 die Engel ... HERE:** Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat as boodskapper van God direk namens Hom praat. Kan ook vertaal word “die Boodskapper van die HERE”.

^t**6:11 terebintboom:** 'n Siro-Palestynse boom met geveerde blare wat bladwisselend is en rooi bessies dra. Dit word ongeveer 5 m hoog. Dit is gewoonlik alleenstaande bome, wat geassosieer is met heilige plekke.

* **6:11 Abiëser:** 2 Sam 23:27

* **6:11 Gideon:** Heb 11:32

* **6:11 koring ... beveilig:** Rig 6:4

^u**6:13 hand:** Letterlik ‘handpalm’. Dit beteken dat hulle volledig oorgelewer was in die mag van die Midianiete.

wees, sal jy die Midianiete verslaan asof hulle net een man is.”¹⁷ Maar hy het vir die HERE^v gesê: “As ek dan guns gevind het in u oë,* gee vir my 'n wonderteken* dat dit U is wat met my praat.¹⁸ Moet asseblief nie hiervandaan weggaan totdat ek by U terug is, my geskenk saambring en dit voor U neergesit het nie.*” Hy het geantwoord: “Goed, Ek sal bly totdat jy terugkom.”

¹⁹* Gideon gaan toe en berei 'n boklam voor en ongesuurde brood van 'n efa^w meel. Die vleis het hy in 'n mandjie gesit en die sous het hy in 'n pot gegooi. Hy het dit na Hom uitgebring onder die terebintboom en dit aangebied.²⁰ Daarop sê die Engel van God vir hom: “Neem die vleis en die ongesuurde brood, sit dit hier op die rots neer* en gooi die sous daaroor.” Hy het toe so gemaak.²¹ Toe steek die Engel van die HERE die wandelstok in sy hand uit en raak met die punt aan die vleis en die ongesuurde brood. Vuur het uit die rots opgeslaan en die vleis en ongesuurde brood verteer.*

Die Engel van die HERE het voor sy oë verdwyn,²² en Gideon het besef dat dit die Engel van die HERE was. Toe sê Gideon: “Ag, HERE, my Heer! Want nou het ek die Engel van die HERE van aangesig tot aangesig gesien!*”²³ Maar die HERE sê vir hom: “Vrede vir jou! Moenie bang wees

^v6:17 *vir die HERE*: Die •bronteks lui “vir Hom”.

*6:17 *As ... oë*: Eks 33:13

*6:17 *gee ... wonderteken*: Rig 6:36-40; vgl Eks 4:1-8; 2 Kon 20:8-9

*6:18 *Moet ... het nie*: Vgl Gen 18:3,5; Rig 13:15

*6:19 Vgl Gen 18:6

^w6:19 *efa*: Ongeveer 22 *l* koring of gars of meel. 'n Efa gars het ongeveer 13,2 kg geweeg; •Inhoudsmate.

*6:20 *sit ... neer*: Rig 13:19

*6:21 *Vuur ... verteer*: Lev 9:24; 1 Kon 8:38

*6:22 *Want ... gesien*: Gen 32:30; Eks 33:20; Rig 13:22

nie; jy sal nie sterf nie!”* ²⁴ Gideon het toe daar 'n altaar vir die HERE gebou en dit genoem “Die HERE is vrede”. Tot vandag toe is dit nog daar in Ofra, wat aan die familie van Abiëser behoort.

²⁵ Nog in daardie selfde nag het die HERE vir hom gesê: “Neem die bul wat aan jou pa behoort, die tweede bul, wat sewe jaar oud is. Sloop die altaar van Baäl^x wat aan jou pa behoort. Die asjera^y wat langsaan is, moet jy afkap.* ²⁶ Bou dan vir die HERE jou God 'n altaar op die hoogste punt van hierdie skuilplek — netjies gestapel.^z Neem daarna die tweede bul en offer hom as •brandoffer met die hout van die asjera wat jy gaan afkap.”

²⁷ Gideon het tien manne van sy dienaars geneem en gedoen wat die HERE vir hom gesê het. Maar aangesien hy te bang was vir sy familie en die manne van die dorp om dit oordag te doen, het hy dit in die nag gedoen.

²⁸ Toe die manne van die dorp vroeg die oggend opstaan — kyk, die altaar van Baäl is afgebreek, die asjera wat langsaan was, is afgekap, en die tweede bul is as brandoffer gebring op die nuutgeboude altaar!

²⁹ Hulle vra toe vir mekaar: “Wie het hierdie ding gedoen?” Hulle het ondersoek ingestel en navraag gedoen. Daar is toe gesê: “Gideon, die seun van Joas, het hierdie ding gedoen.” ³⁰ Toe sê die mense van die dorp vir Joas: “Bring jou seun uit, want hy moet sterf omdat hy die altaar van Baäl afgebreek en omdat hy die asjera langsaan afgekap het.” ³¹ Maar Joas sê vir almal wat by hom staan: “Wil julle vir Baäl die stryd voer? Of

* **6:23** *jy ... sterf nie*: Eks 33:20

^x**6:25** *Baäl*: 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21.

^y**6:25** *asjera*: 'n Voorwerp wat in die Baälgodsdienst gedien het as simbool van die moedergodin Asjera; •Baäl.

* **6:25** *Sloop ... afkap*: Eks 34:13; Deut 7:5; Rig 3:7

^z**6:26** *netjies gestapel*: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks en dit word verskillend vertaal.

moet julle hom red? Wie ook al vir hom die stryd voer, sal vanoggend nog sterf! As hy 'n god is, laat hy vir homself die stryd voer wanneer iemand sy altaar omgegooi het.”

³² Op daardie dag het hulle vir Gideon die naam Jerubbaäl gegee, met die woorde: “Laat Baäl teen hom die stryd voer, want hy het sy altaar afgebreek.”

³³ Al die Midianiete, die Amalekiete* en mense uit die ooste het intussen hulle magte saamgesnoer, die grens oorgesteek en kamp opgeslaan in die Jisreëlvlakte.* ³⁴ Die Gees van die HERE het van Gideon besit geneem; hy het op die ramshoring geblaas,* en die familie van Abiëser is opgeroep om hom te volg. ³⁵ Hy het boodskappers deur die hele Manasse gestuur, en ook hulle is opgeroep om hom te volg. Hy het boodskappers deur Aser, Sebulon en Naftali gestuur, en hulle het by hulle aangesluit.

³⁶ *Toe sê Gideon vir God: “As U werklik deur my toedoen Israel wil verlos, soos U gesê het — ³⁷ hier plaas ek 'n pasgeskeerde vag op die dorsvloer; as daar net op die vag dou is, maar die grond is oral droog, sal ek weet dat U Israel deur my toedoen gaan verlos, soos U gesê het.” ³⁸ Dit was toe so: Toe hy vroeg die volgende oggend die vag uitwring, het hy 'n kom vol water uit die vag gepers.

³⁹ Toe sê Gideon vir God: “Laat u woede tog nie teen my ontvlam as ek nog 'n keer wil praat nie. Ek wil asseblief nog 'n keer met die vag 'n toets doen. Laat dit tog net op die vag droog wees, terwyl daar oral op die grond dou is.” ⁴⁰ God het dit daardie nag so gedoen: Dit was net op die vag droog, terwyl daar oral op die grond dou was.

* **6:33** *Midianiete, die Amalekiete:* Rig 6:3

* **6:33** *Jisreëlvlakte:* Jos 17:16

* **6:34** *ramshoring geblaas:* Rig 3:27; 7:18,20; 1 Sam 13:3

* **6:36-40** Vgl Eks 4:1-7; Rig 6:17-21

7

¹ Jerubbaäl, dit is Gideon,* en al die manskappe wat by hom was, het vroeg opgestaan en kamp opgeslaan by En-Garod. Die kamp van die Midianiete was aan sy noordekant, vanaf die heuwel More^a in die vlakte.

² Die HERE sê toe vir Gideon: “Die manskappe wat by jou is, is vir My te veel om die Midianiete in hulle hand te gee, anders spog Israel teenoor My en sê, ‘My eie hand het my verlos.’” ³ Kondig dan nou aan, ten aanhore van die manskappe, ‘Wie ook al bang en aan die bewe is, kan omdraai en wegvlug van die berg Gilead.’^b “ Van die manskappe het daar toe twee-en-twintigduisend omgedraai, en tienduisend^c het oorgebly.

⁴ Daarop sê die HERE vir Gideon: “Die manskappe is nog te veel. Laat hulle afgaan na die water, dan sal Ek hulle daar vir jou uitsif. Elkeen van wie Ek vir jou sê, ‘Hierdie een moet met jou saamgaan’, hy moet met jou saamgaan; maar elkeen van wie Ek vir jou sê, ‘Hierdie een moet nie met jou saamgaan nie’, hy mag nie met jou saamgaan nie.” ⁵ Hy het die manskappe laat afgaan na die water. Die HERE sê toe vir Gideon: “Almal wat met hulle tong van die water oplek soos 'n hond dit oplek, moet jy apart hou van almal wat op hulle knieë afsak om te drink.” ⁶ Die getal manne wat opgelek het,^d was driehonderd; al die ander manskappe het op hulle knieë afgesak om water te drink. ⁷ Toe sê die HERE vir Gideon:

***7:1 Jerubbaäl ... Gideon:** Rig 6:32

^a**7:1 More:** Die naam beteken ‘leermeester’; Gen 12:6; Deut 11:30.

***7:2 anders ... verlos:** Deut 8:17; Ps 44:6-8

^b**7:3 berg Gilead:** Hierdie naam verwys waarskynlik nie na die Oos-Jordaanse gebied nie, maar na 'n berg by En-Garod; Rig 7:1.

^c**7:3 22 000 ... 10 000:** Kan ook vertaal word “twee-en-twintig afdelings ... tien afdelings”.

^d**7:6 opgelek het:** Hierdie lesing volg 'n ms van die •Septuagint. Die •bronteks voeg by “met hulle hande na hulle monde”.

“Met die driehonderd man wat die water opgelek het, gaan Ek julle verlos.* Ek sal die Midianiete in jou hand gee. Al die ander manskappe kan maar gaan, elkeen na sy woonplek.”⁸ Die driehonderd man het toe die padkos wat die manskappe by hulle gehad het en hulle ramshorings geneem. Al die ander manne van Israel het Gideon^e weggestuur, elkeen na sy tente. Maar die driehonderd man het hy teruggehou.

Die kamp van die Midianiete was onderkant hom in die vlakte.

⁹ Gedurende daardie nag het die HERE vir hom gesê: “Staan op, gaan af na hulle kamp; want Ek gee hulle in jou hand.*¹⁰ Maar as jy bang is om af te gaan, moet jy en Pura, jou dienaar, afgaan na die kamp¹¹ en luister wat hulle sê.* Daarna sal jy die moed hê^f om af te gaan, in die kamp in.” Toe gaan hy en sy dienaar Pura af tot by die kant van die slagordes wat in die kamp was.

¹²*Die Midianiete, die Amalekiete en al die mense uit die ooste^g het in die vlakte gelê soos groot swerms sprinkane, en hulle kamele was ontelbaar, so talryk soos die sand op die seestrand.¹³ Toe Gideon daar kom, vertel 'n man juis vir sy vriend van sy droom. “Kyk,” het hy gesê, “ek het 'n droom gehad. Daar was 'n ronde garsbrood wat in die kamp van die Midianiete inrol, tot by 'n tent kom en dit tref, sodat dit val. Dit het die tent laat omdop, sodat dit daar gelê het.”¹⁴ Sy vriend antwoord toe en sê: “Dit kan niks anders wees nie as die swaard van Gideon, seun van Joas, die Israeliet. God het die Midianiete en die hele kamp in sy hand gegee.”

*7:7 Met ... verlos: Vgl 1 Sam 14:6

^e7:8 **Gideon:** Die bronteks lui “hy”.

*7:9 Ek gee ... hand: Rig 3:28; 7:2,7,14-15

*7:11 luister ... sê: Rig 7:13-15

^f7:11 sal ... hê: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “sal jou hande sterk wees”.

*7:12 Jos 11:4

^g7:12 **mense ... ooste:** Dit verwys na woestynbewoners uit die gebiede oos van Palestina; vgl Gen 29:1; Jes 11:14; Jer 49:28; Eseg 25:4,10.

¹⁵ Toe Gideon die vertelling oor die droom en die uitleg daarvan hoor, het hy dadelik in aanbidding neergebuig. Hy het na die kamp van Israel teruggegaan en gesê: “Staan op! Want die HERE het die kamp van die Midianiete in julle hand gegee.” ¹⁶ Hy verdeel toe die driehonderd man in drie eenhede, en gee vir almal ramshorings in die hand en leë kruike met fakkels in die kruike. ¹⁷ Hy sê vir hulle: “Hou my dop, en maak so: Doen presies wat ek doen wanneer ek by die kant van die kamp kom.

¹⁸ Wanneer ek en almal wat by my is op die ramshoring blaas, moet julle ook op die ramshorings blaas, rondom die hele kamp, en julle moet skreeu, ‘Vir die HERE en vir Gideon!’ ”

¹⁹ Gideon en die honderd man wat by hom was, kom toe by die kant van die kamp aan teen die begin van die middelste wagbeurt,^h net toe die wagte behoorlik opgestel was. Hulle blaas toe op die ramshorings en breek die kruike wat in hulle hande was, stukkend. ²⁰ Die drie eenhede het tegelyk op die ramshorings geblaas,^{*} die kruike gebreek, in hulle linkerhande die fakkels gehou, en in hulle regterhande die ramshorings om daarop te blaas. Hulle het uitgeroep: “’n Swaard van die HERE en van Gideon!” ²¹ *Hulle het bly staan, elkeen waar hy was, rondom die kamp. Die hele kamp het rondgehardloop, geskreeu en op die vlug geslaan.

²² Toe die driehonderd op die ramshorings blaas, het die HERE in die hele kamp die een se swaard teen die ander gerig.^{*} Die krygsmag het gevlug tot by Bet-Sitta, in die rigting van Sereda, tot op die oewer van die Megolastroom by Tabbat.

²³ Die manskappe van Israel is uit Naftali, Aser en die hele Manasse opgeroep. Hulle het die Midianiete agternagesit. ²⁴ Gideon het ook nog

^h7:19 *middelste wagbeurt*: •Tydsindeling in die OT.

*7:20 *ramshorings geblaas*: Rig 3:27; 6:34; 7:18; 1 Sam 13:3

*7:21 Vgl 2 Kron 20:17

*7:22 *HERE ... gerig*: Jes 9:3

boodskappers rondgestuur in die hele berggebied van Efraim om te sê: “Trek af om die Midianiete voor te keer. Beset hulle toegang na die water tot by Bet-Bara, die hele Jordaan.*”

So is elke man van Efraim opgeroep, en hulle het die toegang na die water tot by Bet-Bara beset, die hele Jordaan.²⁵ Hulle het die twee leiers van die Midianiete, Oreb en Seëb,* gevang. Hulle het Oreb doodgemaak by die rots van Oreb, en Seëb het hulle doodgemaak by die parskuip van Seëb. Hulle het die Midianiete agtervolg, en die koppe van Oreb en Seëb het hulle na Gideon gebring van oorkant die Jordaan af.

8

¹ *Die manne van Efraim het egter vir hom gesê: “Wat het jy ons aangedoen, om ons nie op te roep toe jy teen die Midianiete gaan veg het nie?” Hulle het heftig teen hom uitgevaar. ² Hy het vir hulle gesê: “Wat het ek nou eintlik vermag in vergelyking met julle? Is Efraim se na-oes nie beter as Abiëser se druiwe-oes nie? ³ Dit is in julle hand wat God die leiers van Midian, Oreb en Seëb, gegee het. Wat kon ek vermag in vergelyking met julle?” Eers nadat hy hierdie woorde gesê het, het hulle gegriefdheid teenoor hom bedaar.

⁴ Gideon het by die Jordaan aangekom, en hy en die driehonderd man* wat by hom was, het oorgetrek. Hulle was uitgeput, maar het steeds voortgegaan met die agtervolging. ⁵ *Hy sê toe vir die mense van Sukkot:* “Gee asseblief rondebode vir die manskappe wat my volg, want hulle is

*7:24 Beset ... Jordaan: Rig 3:28

*7:25 Oreb en Seëb: Rig 8:3; Ps 83:12; Jes 10:26

*8:1-3 Rig 7:24-25; 12:1

*8:4 300 man: Rig 7:6-7

*8:5-7 Rig 8:15-16

*8:5 Sukkot: Gen 33:17

uitgeput. Ek is besig om Sebag en Salmunna, die konings van die Midianiete, te agtervolg.”⁶ Maar die leiers van Sukkot vra hom: “Is die handpalms van Sebag en Salmunna nou al in jou hand,ⁱ dat ons vir jou leër brood moet gee?”⁷ Toe sê Gideon: “Dis waar, maar wanneer die HERE vir Sebag en Salmunna in my hand gee, gaan ek woestyndorings en doringstruïke oor julle liggame sleep.^j”

⁸ Daarvandaan het hy opgegaan na Pniël* en vir hulle dieselfde gesê. Maar die manne van Pniël het hom op dieselfde manier geantwoord as wat die manne van Sukkot geantwoord het. ⁹ Hy het toe ook vir die manne van Pniël gesê: “Wanneer ek veilig terugkom, sal ek hierdie toring afbreek.”*

¹⁰ Sebag en Salmunna was in Karkor. Hulle leër was saam met hulle, ongeveer vyftienduisend. Dit was al wat oor was van die hele leër van die mense uit die ooste.^k Dié wat geval het, was egter honderd-en-twintigduisend,^l elkeen met 'n swaard gewapen.

¹¹ Gideon het toe opgetrek met die pad van die nomade,^m aan die oostekant van Nobag* en Jogboha. Hy het die leër aangeval terwyl hulle houtgerus was. ¹² *Toe Sebag en Salmunna vlug, het hy hulle agtervolg.

ⁱ**8:6 handpalms ... hand:** Ná 'n veldslag is 'n hand van elke gesneuwelde afgesny om die getal dooies te tel.

^j**8:7 gaan ... sleep:** Die Hebreuse idioom kan vertaal word “gaan ek julle liggame met woestyndorings en doringstruïke dors”.

***8:8 Pniël:** Gen 32:31

***8:9 toring afbreek:** Rig 8:17

^k**8:10 mense ... ooste:** Dit verwys na woestynbewoners uit die gebiede oos van Palestina; vgl Gen 29:1; Jes 11:14; Jer 49:28; Eseg 25:4,10.

^l**8:10 15 000 ... 120 000:** Kan ook vertaal word “vyftien afdelings ... honderd-en-twintig afdelings”.

^m**8:11 nomade:** Die bronteks lui “bewoners van tente”.

***8:11 Nobag:** Num 32:42

***8:12 Ps 83:12**

Hy het die twee konings van die Midianiete, Sebag en Salmunna, gevang, en die hele leër is deur vrees oorweldig.

¹³ Terwyl Gideon, seun van Joas, oor die Gereshoogte teruggekeer het van die geveg, ¹⁴ het hy 'n jong man van die manne van Sukkot gevang. Hy het hom uitgevra, en die jong man het vir hom die name van die leiers van Sukkot en sy oudstesⁿ neergeskryf — sewe-en-sewentig man.

¹⁵ *Toe Gideon by die manne van Sukkot kom, sê hy vir hulle: “Kyk, hier is Sebag en Salmunna, oor wie julle my gespot het met die woorde, ‘Is die handpalms van Sebag en Salmunna nou al in jou hand, dat ons aan jou moeë manne brood moet gee?’ ” ¹⁶ Hy neem toe die oudstes van die dorp, en ook woestyndorings en doringstruike. Hy het die manne van Sukkot daarmee laat kennis maak. ¹⁷ *Die toring van Pniël het hy afgebreek en die manne van die dorp doodgemaak.

¹⁸ Daarop het hy vir Sebag en Salmunna gevra: “Van waar was die manne wat julle by Tabor doodgemaak het?” Hulle sê toe: “Hulle was soos u; elkeen met die voorkoms van 'n koningseun.” ¹⁹ Toe sê Gideon: “Dit was my broers, seuns van my ma. So waar as die HERE leef, as julle hulle laat leef het, sou ek julle nie doodgemaak het nie.” ²⁰ Daarop sê hy vir Jeter, sy eersgeborene: “Staan op; maak hulle dood!” Die jong man het egter nie sy swaard getrek nie, want hy was bang — hy was immers nog maar 'n seun. ²¹ Sebag en Salmunna sê toe: “Staan jý op en val ons aan, want iemand se krag wys of hy 'n man is.” Gideon staan toe op en maak Sebag en Salmunna dood.* Hy het die halfmaantjies gevat wat aan

ⁿ**8:14 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

***8:15-16** Rig 8:6-7

***8:17** Rig 8:8-9

^o**8:21 iemand ... man is:** Die bronteks lui “soos die man is sy krag”.

***8:21 Gideon ... dood:** Ps 83:12

die nekke van hulle kamele was.

²² Die manne van Israel het toe vir Gideon gesê: “Heers oor ons, u sowel as u seun en kleinseun, want u het ons verlos uit die hand van die Midianiete.” ²³ Maar Gideon het hulle geantwoord: “Dit is nie ek wat oor julle sal heers nie, en my seun sal ook nie oor julle heers nie. Die HERE alleen heers oor julle.”* ²⁴ Gideon het ook vir hulle gesê: “Ek wil aan julle 'n versoek rig: Gee elkeen vir my 'n ring uit sy buit.” Die Midianiete^p het goue ringe gehad, want hulle was Ismaeliete.* ²⁵ “Ons gee dit graag!” sê hulle, en sprei 'n oorkleed oop. Elkeen het 'n ring uit sy buit daarop gegooi. ²⁶ Die gewig van die goue ringe wat hy gevra het, was eenduisend sewehonderd sikkels^q goud; dit was afgesien van die halfmaantjies,* die oorbelle en die purperrooi kledingstukke wat die Midianitiese konings gedra het,* en afgesien van die kettinkies wat aan hulle kamele se nekke was.

²⁷ Daarmee het Gideon 'n efod^r gemaak en dit in sy tuisdorp, in Ofra,* opgestel. Die hele Israel is daar deur die efod tot afgodsdienste verlei;^s en dit het vir Gideon en sy huis 'n valstrik geword.*

* **8:23** Die HERE ... julle: 1 Sam 8:7; 10:19; 12:12,17,19

^p**8:24** Die Midianiete: Die bronteks lui “hulle”.

* **8:24** Ismaeliete: Gen 37:28,36

^q**8:26** 1 700 sikkels: Ongeveer 19,38 kg; •Geldeenhede.

* **8:26** halfmaantjies: Rig 8:21

* **8:26** purperrooi ... gedra het: Est 8:15

^r**8:27** efod: 'n Soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het; vgl Lev 8:7. Hier is dit 'n oordadig versierde kledingstuk of ander voorwerp wat in die afgodsdienste 'n rol gespeel het.

* **8:27** tuisdorp, in Ofra: Rig 6:11,24

^s**8:27** Die hele ... verlei: Die bronteks lui “Die hele Israel het daar gehoereer, agter hom (dit wil sê, die efod) aan”; Rig 2:17.

* **8:27** 'n valstrik geword: Eks 32:33

²⁸ So het die Midianiete die knie gebuig voor die Israeliëte. Hulle kon nie weer hulle koppe oplig nie. Die land het veertig jaar lank rus gehad* in Gideon se leeftyd.

²⁹ Jerubbaäl,^t seun van Joas, het in sy eie huis gaan woon. ³⁰ Gideon het sewentig seuns* gehad wat hy verwek het, want hy het baie vroue gehad. ³¹ Ook sy byvrou wat in Sigem* was, het vir hom 'n seun in die wêreld gebring, en hy het hom Abimeleg* genoem. ³² Gideon, seun van Joas, het op 'n hoë ouderdom gesterf. Hy is in die graf van Joas, sy pa, begrawe in Ofra, wat aan die familie van Abiëser behoort.

³³ *Maar net nadat Gideon dood is, het die Israeliëte weer agter die Baäls^u aan gehoereer.^v Hulle het Baäl-Berit^w hulle god gemaak. ³⁴ Die Israeliëte het nie meer gedink aan die HERE hulle God wat hulle gered het uit die hand van al hulle vyande rondom hulle nie. ³⁵ *Hulle het ook nie trou bewys aan die huis van Jerubbaäl, dit is Gideon, vir al die goeie dinge wat hy aan Israel gedoen het nie.

* **8:28 rus gehad:** Rig 3:11,30; 5:31

^t **8:29 Jerubbaäl:** Dit was Gideon se bynaam; vgl Rig 6:32; 7:1.

* **8:30 70 seuns:** Rig 9:2,5

* **8:31 Sigem:** Gen 12:6

* **8:31 Abimeleg:** Rig 9:1,18

* **8:33** Rig 2:19; 3:7,12; 4:1; 6:1; 10:6; 13:1

^u **8:33 Baäls:** Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21. Die meervoud “Baäls” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die afgod.

^v **8:33 agter ... gehoereer:** Dit verwys na die vrugbaarheidsgodsdiens waarvan tempelprostitusie 'n deel was. Dit was 'n teken van volslae ontrou aan die HERE.

^w **8:33 Baäl-Berit:** Die Kanaäniete se god van die onweer. Die naam beteken ‘heer van die verbond’; Rig 9:4,46.

* **8:35** Rig 9:16

Abimeleg

¹ Abimeleg,* seun van Jerubbaäl,^x het na Sigem gegaan, na sy ma se broers toe, en met hulle en die hele familiegroep aan sy ma se kant, gepraat. Hy het gesê: ²“Sê tog ten aanhore van al die burgers van Sigem, ‘Wat is vir julle beter, dat sewentig man, al die seuns van Jerubbaäl,* oor julle heers, of dat een man oor julle heers? En onthou dat ek julle eie bloedfamilie^y is.’ ”

³ Toe sy ma se broers dit alles namens hom gesê het ten aanhore van al die burgers van Sigem, het hulle Abimeleg ondersteun, want hulle het gesê: “Hy is ons broer.*” ⁴ Hulle gee toe vir hom sewentig sikkels^z silwer uit die tempel van Baäl-Berit.^a Daarmee het Abimeleg vir hom ongedissiplineerde, roekelose manne* gehuur wat sy volgelingen geword het. ⁵ Hy het na sy pa se huis, na Ofra,* gegaan en sy broers, die seuns van Jerubbaäl, vermoor — sewentig man op een klip. Maar Jotam, die jongste seun van Jerubbaäl, het oorgebly, want hy het weggekruip. ⁶ Al die burgers van Sigem en Bet-Millo het byeengekom; hulle het gegaan en

*9:1 *Abimeleg*: Rig 8:31

^x9:1 *Jerubbaäl*: Dit was Gideon se bynaam; vgl Rig 6:32; 7:1.

*9:2 *70 man ... Jerubbaäl*: Rig 8:30; 9:5

^y9:2 *julle eie bloedfamilie*: Die •bronteks lui “ek is julle bene en julle vlees”; Gen 29:14.

*9:3 *Hy ... broer*: Rig 9:18

^z9:4 *70 sikkels*: Ongeveer 798 g; •Geldeenrede.

^a9:4 *Baäl-Berit*: Die Kanaäniete se god van die onweer. Die naam beteken ‘heer van die verbond’; Rig 8:33; 9:46.

*9:4 *ongedissiplineerde ... manne*: Rig 11:3; Hand 17:5

*9:5 *pa ... Ofra*: Rig 6:11,24; 8:27

Abimeleg koning gemaak by die akkerboom langs die gedenkteken^b wat in Sigem is.

⁷ Toe hulle dit aan Jotam meedeel, het hy op die top van die berg Gerisim* gaan staan en met 'n harde stem uitgeroep: “Luister na my, burgers van Sigem — dan sal God julle verhoor:

⁸ “*Die bome het eenmaal gegaan om 'n koning oor hulle te salf. Hulle sê toe vir die olyfboom, ‘Wees koning oor ons!’⁹ Maar die olyfboom sê vir hulle, ‘Moet ek my olie prysgee, waarvoor gode en mense my prys, en dan oor die bome heen en weer gaan swaai?’

¹⁰ Die bome sê toe vir die vyeboom, ‘Kom jy, wees koning oor ons!’

¹¹ Maar die vyeboom sê vir hulle, ‘Moet ek my soetheid en my goeie opbrengs prysgee, en dan oor die bome heen en weer gaan swaai?’

¹² Die bome sê toe vir die wingerdstok, ‘Kom jy, wees koning oor ons!’

¹³ Maar die wingerdstok sê vir hulle, ‘Moet ek my nuwe wyn prysgee wat gode en mense verheug, en dan oor die bome heen en weer gaan swaai?’

¹⁴ Oplaas sê al die bome toe vir die steekdoring, ‘Kom jy, wees koning oor ons!’¹⁵ Toe sê die steekdoring vir die bome, ‘As dit met eerlike bedoelings is dat julle my wil salf om koning oor julle te wees, kom skuil dan in my skaduwee. Maar as dit nie so is nie, sal vuur uitgaan vanuit die steekdoring en die seders van die Libanon verteer.’

^b**9:6 gedenkteken:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “wat geplaas is”. Die seremonie het waarskynlik plaasgevind in 'n heiligdom.

***9:7 berg Gerisim:** Deut 11:29; 27:12

***9:8-15** Vgl 2 Kon 14:9-10; Eseg 17:3-10

¹⁶ “Daarom, as julle met eerlike bedoelings en in opregtheid opgetree het toe julle Abimeleg koning gemaak het, as julle goed gedoen het aan Jerubbaäl en sy huis, as julle teenoor hom opgetree het volgens wat hy verdien,* ¹⁷ julle vir wie my pa geveg en sy lewe op die spel geplaas het toe hy julle uit die hand van die Midianiete gered het, ¹⁸ *julle wat vandag opgestaan het teen die huis van my pa, en sy seuns vermoor het — sewentig man op een klip — en Abimeleg, die seun van sy slavin, koning gemaak het oor die burgers van Sigem omdat hy julle broer is; ¹⁹ as julle vandag met eerlike bedoelings en in opregtheid opgetree het teenoor Jerubbaäl en sy huis, mag julle vreugde ervaar van Abimeleg en mag hy ook vreugde ervaar van julle. ²⁰ Maar as dit nie so is nie, sal vuur uitgaan vanuit Abimeleg* en die burgers van Sigem en Bet-Millo verteer. En vuur sal uitgaan vanuit die burgers van Sigem en Bet-Millo* en Abimeleg verteer.”

²¹ Jotam het toe op die gevlug geslaan, gemaak dat hy wegkom. Hy het na Beër* gegaan en daar gebly, weg van sy broer Abimeleg.

²² Abimeleg het drie jaar lank oor Israel geheers. ²³ Maar toe beskik God 'n gees van onmin tussen Abimeleg en die burgers van Sigem. Die burgers van Sigem het ontrou geword aan Abimeleg, ²⁴ sodat die geweld teen die sewentig seuns van Jerubbaäl nie agterweë sou bly nie,^c en ook die bloedskuld, sodat dit sou neerkom op Abimeleg,* hulle broer wat hulle vermoor het, en op die burgers van Sigem, wat sy hand gesterk het

***9:16** *Jerubbaäl ... verdien:* Rig 8:35

***9:18** Rig 9:5-6

***9:20** *sal vuur ... vanuit Abimeleg:* Rig 9:15,56-57

***9:20** *burgers ... Bet-Millo:* Rig 9:6

***9:21** *Beër:* Num 21:16

***9:24** *agterweë ... nie:* Die bronteks lui “sou kom”.

***9:24** *bloedskuld ... op Abimeleg:* Gen 9:6; Num 35:33; Rig 9:56; 1 Kon 2:32; Est 9:25

om sy broers te vermoor.²⁵ Die burgers van Sigem het bo in die berge struikrowers teen hom opgestel, en hulle het almal wat by hulle verbygekom het, op die pad beroof. Abimeleg is daaroor ingelig.

²⁶ Gaäl, seun van Ebed, en sy broers het daar opgedaag op pad deur Sigem. Die burgers van Sigem het hulle vertrou in hom gestel.²⁷ Hulle het daarna uitgegaan na die lande, hulle wingerde afgeoes, die druiwe uitgetrap en oesfees gehou. Hulle het in die tempel van hulle god ingegaan, geëet en gedrink en Abimeleg verkleineer.²⁸ Gaäl, seun van Ebed, het gesê: “Wie is Abimeleg, dat ons hom moet dien, en wie was Sigem? Is Abimeleg nie die seun van Jerubbaäl nie, en is Sebul nie sy dorpsbestuurder nie? Hulle het die manne van Gamor, die pa van Sigem, gedien.^d Waarom moet óns hom dien?²⁹ As ek hierdie volk onder my hand gehad het, sou ek Abimeleg verwyder. Ek sou vir Abimeleg sê, ‘Maak maar jou leër groter en trek uit!’ ”

³⁰ Toe Sebul, die dorpsbestuurder, hoor wat Gaäl, seun van Ebed, gesê het, was hy woedend.³¹ Hy stuur toe boodskappers na Abimeleg in Aruma^e om te laat weet: “Kyk, Gaäl, seun van Ebed, en sy broers het in Sigem aangekom, en hulle is besig om die stad teen u op te steek.

³² Daarom, maak u in die nag gereed, u en die manskappe wat by u is, en stel 'n hinderlaag in die landerye op.³³ Môreoggend vroeg, teen sonop, moet u 'n aanval loods op die stad. Hy en die manskappe by hom sal na u uitkom — doen dan wat u hand vind om te doen.”

³⁴ Abimeleg en al die manskappe wat saam met hom was, het toe in die nag gereedgemaak en met vier eenhede teen Sigem 'n hinderlaag opgestel.

^d**9:28 Hulle ... gedien:** Die •Targum word hier gevolg. Die bronteks lui “Dien die manne van Gamor, die pa van Sigem”; Gen 33:19; 34:2,6.

^e**9:31 in Aruma:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Hierdie vertaling sluit aan by Rig 9:41. Word ook vertaal “in Torma” of “in die geheim”.

³⁵ Toe Gaäl, seun van Ebed, uitkom en by die ingang van die stadspoort gaan staan, het Abimeleg en die manskappe by hom opgestaan uit hulle hinderlaag. ³⁶ Gaäl sien toe die manskappe en sê vir Sebul: “Kyk, daar is manskappe wat van die kruin van die berge afkom!” Maar Sebul sê vir hom: “Dit is skaduwees van die berge wat vir jou soos manne lyk.”

³⁷ Gaäl het steeds volgehou en gesê: “Kyk, daar kom manskappe af vanaf die middel van die land, en een eenheid kom uit die rigting van die akkerboom van die Waarsêers!” ³⁸ *Daarop sê Sebul vir hom: “Waar is jou groot mond nou waarmee jy gesê het, ‘Wie is Abimeleg, dat ons hom moet dien’? Is dit nie die manskappe daardie wat jy so geminag het nie? Trek dan nou uit en veg teen hulle!”

³⁹ Gaäl het toe op die voorpunt van die burgers van Sigem uitgetrek en teen Abimeleg geveg. ⁴⁰ Abimeleg het hom agternagesit toe hy voor hom moes vlug, en baie gesneuweldes het tot by die stadspoort gelê.

⁴¹ Abimeleg het na Aruma teruggekeer en Sebul het Gaäl en sy broers uitgedryf, sodat hulle nie meer in Sigem kon bly nie. ⁴² Die volgende dag, toe die mense uitgaan na die landerye, is Abimeleg daarvoor ingelig. ⁴³ Hy neem toe sy manskappe, verdeel hulle in drie eenhede en stel 'n hinderlaag op in die landerye. Toe hy sien die mense is inderdaad besig om uit die stad te gaan, het hy opgespring om teen hulle te veg en hulle neergevel. ⁴⁴ Abimeleg en die eenhede wat saam met hom was, het 'n aanval geloods en stelling ingeneem by die ingang van die stadspoort. Die ander twee eenhede het 'n aanval geloods op almal wat in die lande was en hulle neergevel. ⁴⁵ Abimeleg self het daardie hele dag teen die stad geveg. Hy het die stad ingeneem en die mense wat daarin was, om die lewe gebring. Hy het die stad afgebreek en sout daarvoor gestrooi.^f

* **9:38** Rig 9:28-29

^f**9:45 sout ... gestrooi:** Dit was 'n simboliese handeling wat die vervloeking van die stad tot onvrugbaarheid bekragtig het; Deut 29:23.

⁴⁶ Toe al die burgers van Migdal-Sigem dit hoor, het hulle in die kelder van die tempel van El-Berit⁸ ingegaan. ⁴⁷ Abimeleg is ingelig dat al die burgers van Migdal-Sigem daar bymekaar was. ⁴⁸ Abimeleg het toe teen die berg Salmon* uitgeklim, hy en al die manskappe wat by hom was. Hy het byle saamgevat en kap toe 'n boomtak af, tel dit op en sit dit op sy skouer. Daarop sê hy vir die manskappe wat saam met hom was: “Doen gou wat julle gesien het ek doen.” ⁴⁹ Al die manskappe het ook elkeen 'n tak afgekap en Abimeleg gevolg. Hulle het dit op die kelder gepak en die kelder oor die mense aan die brand gestee. So het ook al die mense van Migdal-Sigem gesterf — ongeveer 'n duisend mans en vroue.

⁵⁰ Daarna het Abimeleg na Tebes gegaan. Hy het Tebes beleër en dit ingeneem. ⁵¹ Daar was egter 'n versterkte toring in die middel van die stad en al die mans en vroue, al die burgers van die stad, het daarheen gevlug. Hulle het hulleself daar toegesluit en op die dak van die toring geklim. ⁵² Abimeleg het tot by die toring gekom en dit aangeval. Maar toe hy nadergaan na die deur van die toring om dit af te brand, ⁵³ *gooi een van die vroue 'n boonste maalklip^h op Abimeleg se kop en verbrysel sy skedel. ⁵⁴ *Hy roep toe inderhaas die dienaar wat sy wapendraer was, en sê vir hom: “Trek jou swaard en maak my dood, anders sal hulle van my sê, “n Vrou het hom om die lewe gebring.’ ” Sy dienaar het hom toe met die swaard deurboor en hy het gesterf.

⁸**9:46 El-Berit:** Die naam beteken ‘god van die verbond’. Dit is waarskynlik dieselfde afgod as Baäl-Berit; vgl Rig 8:33; 9:4.

***9:48 berg Salmon:** Ps 68:15

***9:53** 2 Sam 11:21

^h**9:53 maalklip:** Een van twee ronde klipskywe, waarvan die onderste in die middel 'n pen gehad het, en die boonste 'n gat waarin die pen gepas het, en waardeur die graan bietjie vir bietjie gegooi kon word. Die boonste maalklip is dan in die rondte gedraai en die graan so tussen die twee klippe fyngemaal; vgl Job 41:15.

***9:54** Vgl 1 Sam 31:4

⁵⁵ Toe die manne van Israel sien dat Abimeleg dood is, het hulle weggegaan, elkeen na sy woonplek. ⁵⁶ *So het God die kwaad wat Abimeleg sy pa aangedoen het toe hy sy sewentig broers vermoor het, op hom laat terugkom. ⁵⁷ Al die kwaad van die manne van Sigem het God ook op hulle koppe laat terugkom.* Die vloek van Jotam, die seun van Jerubbaäl,ⁱ het oor hulle gekom.

10

Tola en Jaïr

¹ Ná Abimeleg het Tola, seun van Puwwa, seun van Dodo, 'n man uit Issaskar, opgestaan om Israel te verlos. Hy het by Samir, in die heuwelland van Efraim, gewoon. ² Hy het Israel drie-en-twintig jaar lank gerig.^j Toe hy gesterf het, is hy in Samir begrawe.

³ Ná hom het Jaïr, 'n man uit Gilead, opgestaan en Israel twee-en-twintig jaar lank gerig. ⁴ Hy het dertig seuns gehad wat op dertig donkies gery en dertig dorpe gehad het. Dit word vandag nog Gawwoot-Jaïr^k genoem, en is in die Gileadstreek geleë. ⁵ Jaïr het gesterf, en is in Kamon begrawe.

Jefta

⁶ Die Israeliete het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE.*

***9:56** Rig 9:24

***9:57** Al ... terugkom: Eseg 9:10

ⁱ**9:57** *Jerubbaäl*: Vgl voetnoot in Rig 9:1.

^j**10:2** *gerig*: Die Hebreeuse woord dui onder meer op beslissings gee, as leier of aanvoerder optree; •Rigter.

^k**10:4** *Gawwoot-Jaïr*: Die naam beteken 'tentdorpe van Jaïr'; vgl Num 32:41; Deut 3:14.

***10:6** Die ... van die HERE: Rig 2:19; 3:7,12; 4:1; 6:1; 8:33; 13:1

Hulle het die Baäls¹ en die Astartes^m gedien, en ook die gode van Aram, van Sidon, van Moab, van die Ammoniete en van die Filistyne.* Hulle het die HERE verlaat en Hom nie gedien nie. ⁷ Die HERE het toe kwaad geword vir Israel, en Hy het hulle oorgelewer in die hand van die Filistyne en die Ammoniete. ⁸ Hulle het in daardie jaar die Israëliete begin vernietig en verdruk. Vir agttien jaar het hulle dit gedoen aan al die Israëliete wat oorkant die Jordaan was, in die gebied van die Amoriëte wat in Gilead is; ⁹ en toe steek die Ammoniete die Jordaan oor om ook teen Juda en Benjamin en die huis van Efraim oorlog te maak. Vir Israel was dit 'n tyd van groot benoudheid.

¹⁰ Die Israëliete het toe na die HERE om hulp geroep:* “Ons het teen U gesondig, want ons het ons God verlaat en die Baäls gedien.” ¹¹ Maar die HERE het vir die Israëliete gesê: “Het Ek julle nie verlosⁿ van Egipte,* van die Amoriëte,* die Ammoniete* en die Filistyne* nie? ¹² Die Sidoniërs, die Amalekiëte en die Midianiete het julle verdruk, en toe julle na My om hulp roep, het Ek julle uit hulle hand verlos. ¹³ Maar julle het My verlaat en het ander gode gedien; daarom gaan Ek julle nie weer verlos nie.

¹**10:6 Baäls:** Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21. Die meervoud “Baäls” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die afgod.

^m**10:6 Astartes:** 'n Vrugbaarheidsgodin wat met liefde en oorlog geassosieer is. Die meervoud “Astartes” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die godin.

***10:6 Hulle ... Filistyne:** 1 Kon 11:5,7,33

***10:10 Die ... geroep:** Rig 3:9,15; 4:3; 6:6-7

ⁿ**10:11 verlos:** Ontbreek in die •bronteks, maar word veronderstel.

***10:11 verlos van Egipte:** Eks 14:30

***10:11 Amoriëte:** Num 21:21-25

***10:11 Ammoniete:** Rig 3:13,29

***10:11 Filistyne:** Rig 3:31

¹⁴ *Gaan dan, roep om hulp na die gode wat julle gekies het; laat hulle julle verlos in julle tyd van nood.” ¹⁵ Die Israeliete sê toe vir die HERE: “Ons het gesondig! Doen U met ons wat ook al goed is in u oë; maar red ons asseblief net vandag uit!” ¹⁶ Hulle het toe die vreemde gode tussen hulle verwyder en die HERE gedien; en Hy kon toe nie meer Israel se swaarkry verduur nie.*

¹⁷ Die Ammoniete is opgeroep en het kamp opgeslaan in Gilead, terwyl die Israeliete bymekaargekom en kamp opgeslaan het by Mispa.^o ¹⁸ Die manskappe, die leiers van Gilead, sê toe vir mekaar: “Wie is die man wat die stryd teen die Ammoniete sal aanpak? Hy sal 'n leier wees vir al die inwoners van Gilead.”*

11

¹ 'n Man uit Gilead, Jefta,* was 'n dapper kryger, maar hy was die seun van 'n prostituut. Gilead het Jefta verwek, ² maar toe Gilead se vrou vir hom seuns in die wêreld bring en die vrou se seuns grootword, het hulle Jefta weggejaag en vir hom gesê: “Jy mag nie 'n erfdeel in ons familie kry nie, want jy is die seun van 'n ander vrou.” ³ Jefta het toe van sy broers af padgegee en in die landstreek Tob^p gaan woon. Leeglêers* het by Jefta aangesluit en saam met hom strooptogte onderneem.

⁴ 'n Tyd daarna het die Ammoniete teen Israel oorlog gemaak.

*10:14 Deut 32:37-38; Jer 2:28

*10:16 Hy ... verduur nie: Rig 2:18; Ps 106:44-45

^o10:17 **Mispa:** 'n Aanbiddingsplek in Israel, ongeveer 12½ km noordwes van Jerusalem.

*10:18 Hy ... Gilead: Rig 11:5-6,8,11

*11:1 Jefta: 1 Sam 12:11; Heb 11:32

^p11:3 **landstreek Tob:** 'n Aramese gebied noordoos van die Jordaan.

*11:3 Leeglêers: Vgl Rig 9:4

⁵ *Terwyl die Ammoniete met Israel geveg het, het die oudstes^q van Gilead vir Jefta gaan haal in die landstreek Tob. ⁶ Hulle sê toe vir Jefta: “Kom, wees ons aanvoerder, sodat ons teen die Ammoniete kan veg.” ⁷ Maar Jefta het die oudstes van Gilead geantwoord: “Is dit dan nie julle wat my verag en uit my pa se huis weggejaag het nie? Waarom kom julle nou na my toe, noudat julle in die nood is?”* ⁸ Die oudstes van Gilead sê toe vir Jefta: “Dit is waar, maar nou kom ons terug na jou. Jy moet saam met ons gaan en teen die Ammoniete veg, dan sal jy vir ons, vir al die inwoners van Gilead, 'n leier wees.” ⁹ Jefta sê toe vir die oudstes van Gilead: “As julle my laat terugkeer om teen die Ammoniete te veg, en die HERE gee hulle aan my oor, sal ek julle leier wees?” ¹⁰ Die oudstes van Gilead het Jefta geantwoord: “Die Here self hoor wat tussen ons gesê word. Ons sweer^r ons sal maak soos jy sê.” ¹¹ Jefta het toe saam met die oudstes van Gilead gegaan en die manskappe het hom as hulle leier en aanvoerder aangestel. Jefta het al sy woorde ook in die teenwoordigheid van die HERE in Mispa^s herhaal.

¹² Daarna het Jefta boodskappers gestuur na die koning van die Ammoniete om te sê: “Wat het jy teen my dat jy kom oorlog maak teen my land?” ¹³ Die koning van die Ammoniete het Jefta se boodskappers geantwoord: “Dit is omdat Israel my land afgeneem het toe hulle opgetrek het uit Egipte — van die Arnon af tot by die Jabbok en tot aan die Jordaan.* Gee dit dan nou terug, ter wille van die vrede!”

* **11:5** Rig 10:18

^q**11:5** *oudstes*: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

* **11:7** *Is ... nood is*: Vgl Gen 26:27

^r**11:10** *Ons sweer*: Ontbreek in die •bronteks, maar die bronteks bevat wel die inleidingswoorde van 'n eedformule.

^s**11:11** *Mispa*: 'n Aanbiddingsplek in Israel, ongeveer 12½ km noordwes van Jerusalem.

* **11:13** *Dit ... Jordaan*: Num 21:24-26; Rig 11:22

¹⁴ Jefta het toe weer boodskappers na die koning van die Ammoniete gestuur. ¹⁵ Hy het vir hom laat weet: “So sê Jefta, ‘Israel het nie die land van Moab en die land van die Ammoniete afgeneem nie;’ ¹⁶ maar toe hulle uit Egipte opgetrek het, het Israel deur die woestyn^t gegaan tot by die Rietsee^u en by Kades aangekom. ¹⁷ *Israel het toe boodskappers na die koning van Edom gestuur om te vra: “Laat ons asseblief deur u gebied trek.” Maar die koning van Edom wou niks daarvan hoor nie. Hulle het die boodskap ook na die koning van Moab gestuur, maar ook hy wou nie. Israel het toe by Kades gebly. ¹⁸ *Daarna het hulle deur die woestyn gegaan en om die gebied van Edom en die gebied van Moab getrek. Hulle het oos gehou van die gebied van Moab, en kamp opgeslaan anderkant die Arnon. Hulle het nie in die grondgebied van Moab gekom nie, want die Arnon is die grens van Moab. ¹⁹ *Toe het Israel boodskappers gestuur na Sihon, koning van die Amoriete, die koning in Gesbon. Israel het vir hom gevra: “Laat ons asseblief deur u land trek na ons plek.” ²⁰ Sihon het Israel egter nie vertrou om deur sy grondgebied te trek nie. Sihon het al sy manskappe byeengebring, by Jahas kamp opgeslaan, en teen Israel geveg. ²¹ *Maar die HERE, die God van Israel, het Sihon en al sy manskappe in die hand van Israel gegee, sodat hulle hulle verslaan het. Israel het toe die hele gebied van die Amoriete wat in

* **11:15** *Israel ... afgeneem nie*: Deut 2:9,19

^t**11:16** *woestyn*: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

^u**11:16** *Rietsee*: In die OT word die Hebreeuse pleknaam met “Rietsee” vertaal. Die •Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit met “•Rooisee”.

* **11:17** Num 20:14-21

* **11:18** Num 21:4,11-13

* **11:19-20** Num 21:21-23; Deut 2:26-30

* **11:21** Num 21:24; Deut 2:33

daardie land gewoon het, in besit geneem. ²² *Hulle het die hele grondgebied van die Amoriëte in besit geneem, van die Arnon af tot by die Jabbok, van die woestyn af tot by die Jordaan. ²³ Dit is dus die HERE, die God van Israel, wat die Amoriëte uitgedryf het voor sy volk Israel. Wil jy hulle dan uitdryf? ²⁴ Is die gebied wat jou god Kemos* vir jou as besitting gee, nie dit wat jy moet beset nie? En is die gebied van almal wat die HERE ons God voor ons uit verdryf het,* nie dit wat ons moet beset nie? ²⁵ *Is jy dan nou soveel beter as Balak, seun van Sippor, die koning van Moab? Het hy ooit met Israel getwis of ooit teen hulle geveg? ²⁶ Israel woon nou al driehonderd jaar lank in Gesbon* en sy omliggende dorpies, in Aroër* en sy omliggende dorpies en in al die dorpe wat langs die Arnon lê. Waarom het julle dit nie in daardie tyd teruggevat nie? ²⁷ Ek is nie die een wat 'n misstap teenoor jou begaan het nie, maar jy is die een wat my 'n onreg aandoen deur teen my oorlog te voer. Die HERE, die Regter,* sal vandag tussen die Israeliete en die Ammoniete beslis.’ ” ²⁸ Die koning van die Ammoniete het egter nie ag geslaan op die boodskap wat Jefta vir hom gestuur het nie.

²⁹ Die Gees van die HERE het oor Jefta gekom* en hy het deur Gilead en Manasse getrek. Hy het na Mispa in Gilead opgetrek, en van Mispa in Gilead het hy oorgetrek na die Ammoniete. ³⁰ *Jefta het toe 'n gelofte aan die HERE afgelê. Hy het gesê: “As U werklik die Ammoniete in my hand

* **11:22** Deut 2:36; Rig 11:13

* **11:24** *Kemos*: Num 21:29

* **11:24** *God ... verdryf het*: Jos 3:10

* **11:25** Num 22 — 24

* **11:26** *Gesbon*: Num 21:25

* **11:26** *Aroër*: Deut 2:36

* **11:27** *Die ... Regter*: Gen 16:5; Ps 50:6

* **11:29** *Die ... gekom*: Rig 3:10

* **11:30-31** Vgl Gen 28:20-21; Num 30:2; 1 Sam 1:11

gee,³¹ dan sal die een wat uitkom, wat by die deur van my huis uitkom om my te ontmoet wanneer ek behoue van die Ammoniete af terugkeer, aan die HERE behoort. Ek sal hom as •brandoffer offer.”

³² Jefta het oorgetrek na die Ammoniete om teen hulle oorlog te voer, en die HERE het hulle in sy hand gegee. ³³ Hy het hulle verslaan, hulle 'n baie groot nederlaag toegedien van Aroër af tot by Minnit, twintig dorpe, ja, tot by Abel-Keramim. En die Ammoniete moes die knie buig voor die Israeliëte.*

³⁴ Toe Jefta in Mispa by sy huis aankom* — kyk, toe was dit sy dogter wat met tamboeryne en danse^v uitkom om hom te ontmoet!* Sy was die enigste kind; hy het nie enige ander seun of dogter gehad nie. ³⁵ Die oomblik toe hy haar sien, skeur hy sy klere* en sê: “Ag, my dogter, ek is heeltemal verpletter oor jou!^w Dat jy nou een van hulle moet wees wat my in die ellende dompel! Ek het met my mond 'n gelofte aan die HERE afgelê en ek kan dit nie terugtrek nie.”* ³⁶ Sy het hom geantwoord: “Pa, jy het met jou mond aan die HERE 'n gelofte afgelê. Maak dan met my soos wat jy gesê het nadat die HERE vir jou die geleentheid vir wraak op jou vyande, op die Ammoniete, gegee het.”

³⁷ Verder het sy vir haar pa gesê: “Laat my dit nog gegun word: Gee my vryheid vir twee maande, sodat ek in die berge kan rond dwaal. Ek wil gaan treur oor my maagdelikheid, ek en my vriendinne.” ³⁸ “Gaan,” het hy gesê, en haar weggestuur vir twee maande.

* **11:33** *En ... Israeliëte:* Rig 3:10,30; 8:28

* **11:34** *Mispa ... aankom:* Rig 11:11

^v**11:34** *danse:* Die Hebreeuse woord dui gewoonlik aan dat daar deur meisies in 'n kring gedans word.

* **11:34** *met ... ontmoet:* Eks 15:20; 1 Sam 18:6; Jer 31:4

* **11:35** *skeur ... klere:* Gen 37:34

^w**11:35** *ek ... jou:* Die bronteks lui “jy het my heeltemal laat neerkniel”.

* **11:35** *Ek ... terugtrek nie:* Num 30:2; Pred 5:3

Sy het gegaan, sy en haar vriendinne, en op die berge getreur oor haar maagdelikheid.³⁹ Ná twee maande het sy teruggekeer na haar pa. Hy het sy gelofte nagekom en met haar gedoen wat hy beloof het.* Sy het nooit met 'n man intiem verkeer nie.

Dit het 'n vaste reël geword in Israel:⁴⁰ Jaar vir jaar gaan die jongmeisies van Israel om vir vier dae in die jaar die dogter van Jefta, die man uit Gilead, te gedenk.

12

¹ Die manne van Efraim is opgeroep. Hulle het oor die Jordaan^x getrek na Safon en vir Jefta gesê: “Waarom het jy oorgetrek om teen die Ammoniete oorlog te maak, maar jy het ons nie opgekommandeer om saam met jou te gaan nie?* Ons gaan jou huis bo jou kop afbrand.”² Maar Jefta het hulle geantwoord: “Ek en my mense was in 'n hewige stryd gewikkel met die Ammoniete. Ek het julle opgeroep, maar julle het my nie uit hulle hand gered nie.³ Toe ek sien dat julle ons nie gaan verlos nie, het ek my lewe gewaag en oorgetrek na die Ammoniete. Die HERE het hulle in my hand gegee. Waarom trek julle dan vandag op teen my om teen my oorlog te voer?”

⁴ Jefta het toe al die manne van Gilead byeengebring en hulle het teen Efraim oorlog gevoer. Die manne van Gilead het Efraim verslaan, omdat hulle gesê het: “Julle is vlugteling van Efraim; Gilead hoort by Efraim en by Manasse.”

⁵ Gilead het die driewe van die Jordaan* na Efraim beset. Wanneer een van die vlugteling van Efraim dan sê, “Ek wil oorgaan,” sê die manne

* 11:39 *Hy ... beloof het:* Rig 11:1

^x12:1 **die Jordaan:** Ontbreek in die •bronteks, maar word veronderstel.

* 12:1 *Waarom ... gaan nie:* Rig 8:1

* 12:5 *driewe ... Jordaan:* Rig 3:28

van Gilead vir hom: “Is jy 'n Efraimiet?^y” As hy sê, “Nee,”⁶ dan sê hulle vir hom: “Sê bietjie ‘sjibbolet’.” En as hy sê “sibbolet,” en nie daarop bedag is^z om dit reg uit te spreek nie, dan het hulle hom gegryp en hom keelaf gesny by die driewe van die Jordaan. In dié tyd het daar twee-en-veertigduisend man uit Efraim geval.

⁷ Jefta het Israel ses jaar lank gerig. Jefta, die man uit Gilead, het gesterf, en is begrawe in sy dorp in Gilead.^a

Ibsan, Elon en Abdon

⁸ Ná Jefta het Ibsan, uit Betlehem, Israel gerig. ⁹ Hy het dertig seuns en dertig dogters gehad. Die dogters het hy in die huwelik afgegee buite die familiegroep; vir sy seuns het hy meisies van buite die familiegroep ingebring. Hy het Israel sewe jaar lank gerig.^b ¹⁰ Ibsan het gesterf en is in Betlehem begrawe.

¹¹ Ná hom het Elon, 'n man uit Sebulon, Israel gerig. Hy het Israel tien jaar lank gerig. ¹² Elon, die man uit Sebulon, het gesterf en is begrawe in Ajalon, op die grondgebied van Sebulon.

¹³ Ná hom het Abdon, die seun van Hillel uit Piraton, Israel gerig. ¹⁴ *Hy het veertig seuns en dertig kleinseuns gehad wat op sewentig donkies gery het. Hy het Israel agt jaar lank gerig. ¹⁵ Abdon, die seun van Hillel uit Piraton, het gesterf en is begrawe in Piraton, in die grondgebied van Efraim, in die bergland van die Amalekiete.*

^y12:5 *Efraimiet*: Die bronteks lui “Efratiet”.

^z12:6 *nie ... bedag is*: Verskillende Hebreeuse mss word hier gevolg. Die bronteks lui “nie gereedmaak”.

^a12:7 *in ... Gilead*: Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “in dorpe van Gilead”.

^b12:9 *gerig*: Die Hebreeuse woord dui onder meer op beslissings gee, as leier of aanvoerder optree; •Rigter.

* 12:14 Rig 5:10; 10:4

* 12:15 *bergland ... Amalekiete*: Num 14:45

13

Simson

¹ Die Israeliete het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE.* Die HERE het hulle toe veertig jaar lank oorgegee in die hand van die Filistyne.*

²* Daar was 'n sekere man uit Sora, uit 'n familiegroep van Dan; sy naam was Manoag. Sy vrou was onvrugbaar en kon nie kinders kry nie. ³* Die engel van die HERE^c het aan die vrou verskyn en vir haar gesê: “Kyk, jy is onvrugbaar en kan nie kinders kry nie, maar jy gaan swanger word en 'n seun in die wêreld bring. ⁴* Daarom, wees nou versigtig; moenie wyn of sterk drank drink nie en moenie enigiets •onreins eet nie. ⁵ Ja, kyk, jy gaan swanger word en 'n seun in die wêreld bring. 'n Skeermes mag nie naby sy kop kom nie,* want die seun sal 'n nasireër^d van God wees van die moederskoot af. Hy sal begin om Israel te red uit die hand van die Filistyne.”

⁶ Die vrou gaan toe na binne en sê vir haar man: “'n Man van God* het

* **13:1** Die ... van die HERE: Rig 2:19; 3:7,12; 4:1; 6:1; 8:33; 10:6

* **13:1** oorgegee ... Filistyne: Rig 2:14; 10:7; 1 Sam 12:9

* **13:2** Vgl Gen 25:21; Luk 1:7

* **13:3** Vgl Luk 1:11,13

^c**13:3** engel ... HERE: Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding. Kan ook vertaal word “die boodskapper van die HERE”.

* **13:4** Rig 13:7,14; Luk 1:15

* **13:5** 'n Skeermes ... kom nie: Rig 16:17; 1 Sam 1:11

^d**13:5** nasireër: Iemand wat hom aan die HERE gewy het en vir dié doel 'n nasireërgelofte afgelê het. Hy moes hom onthou van die gebruik van wyn en bier en enigiets wat van die wingerdstok af kom, en sy hare en baard nie afskeer nie; Num 6:2-5.

* **13:6** Man van God: 1 Sam 2:27; 9:6-7

na my gekom; hy het soos 'n engel van God gelyk en was vreesaanjaend. Maar ek het hom nie gevra waarvandaan hy is nie; en wat sy naam is, het hy my nie vertel nie.* ⁷ Hy het vir my gesê, ‘Kyk, jy gaan swanger word en 'n seun in die wêreld bring. Daarom, moenie wyn of sterk drank drink nie, en moenie enigiets onreins eet nie, want die seun sal 'n nasireër van God wees van die moederskoot af tot die dag van sy dood.’ ” ⁸ Manoag het toe by die HERE gepleit en gesê: “Asseblief, my Heer! Die man van God wat U gestuur het, laat hy tog weer 'n keer na ons kom, sodat hy ons kan leer wat ons moet doen met die seun wat gebore gaan word.”

⁹ God het geluister na die versoek van Manoag. Die engel van God het weer na die vrou gekom terwyl sy in die veld gesit het; maar haar man, Manoag, was nie by haar nie. ¹⁰ Die vrou hardloop toe vinnig en gaan vertel dit vir haar man. Sy het vir hom gesê: “Kyk, die man wat nou die dag na my gekom het, het aan my verskyn!”

¹¹ Daarop staan Manoag op en gaan agter sy vrou aan. Toe hy by die man kom, vra hy vir hom: “Is u die man wat met die vrou gepraat het?” Hy het geantwoord: “Dit is ek.” ¹² Manoag sê toe: “Mag u woorde dan nou waar word! Watter reëls moet vir die seun geld, en wat is sy taak?” ¹³ Die engel van die HERE het Manoag geantwoord: “Van alles wat ek vir die vrou genoem het, moet sy haar weerhou. ¹⁴ *Enigiets wat van die wingerdstok af kom, mag sy nie eet nie. Wyn en sterk drank moet sy nie drink nie. Enigiets wat onrein is, moet sy nie eet nie. Alles wat ek haar beveel, moet sy nakom.”

¹⁵ *Manoag sê toe vir die engel van die HERE: “Mag ons u ophou, sodat ons vir u 'n bokkie kan voorberei?” ¹⁶ Maar die engel van die HERE sê vir Manoag: “As jy my ophou, sal ek nie van jou kos eet nie; maar as jy 'n

* **13:6** sy ... *vertel nie*: Rig 13:17-18

* **13:14** Rig 13:4

* **13:15** Gen 18:5; Rig 6:18

•brandoffer wil bring, moet jy dit vir die HERE bring.” Manoag het immers nie besef dat dit die engel van die HERE is nie.

¹⁷ Toe vra Manoag vir die engel van die HERE: “Wat is u naam, dat ons u kan vereer as u woord vervul word?” ¹⁸ *Die engel van die HERE het hom geantwoord: “Waarom vra jy nou my naam? Dit is iets onbegrypliks.”

¹⁹ *Manoag neem toe die bokkie en die •graanoffer, en offer dit vir die HERE op 'n rots. Die HERE^e het 'n wonder laat gebeur terwyl Manoag en sy vrou toekyk. ²⁰ Toe die vlam van die altaar af na die hemelruim opstyg, het die engel van die HERE in die vlam van die altaar opgegaan terwyl Manoag en sy vrou dit sien.* Hulle het neergeval met hulle gesigte teen die grond.* ²¹ Die engel van die HERE het nie weer aan Manoag en sy vrou verskyn nie.

Toe besef Manoag dat dit die engel van die HERE was.* ²² *Manoag het vir sy vrou gesê: “Ons sal beslis sterf, want ons het 'n goddelike wese^f gesien.” ²³ Maar sy vrou het vir hom gesê: “As die HERE ons wou laat sterf, sou Hy nie uit ons hand 'n brandoffer en graanoffer aanvaar het nie. Hy sou ons nie al hierdie dinge laat ervaar het nie, en Hy sou nie juis nou aan ons so iets bekend gemaak het nie.”

²⁴ Die vrou het toe 'n seun in die wêreld gebring en hom Simson* genoem. Die seun het grootgeword en die HERE het hom geseën.*

* **13:18** Gen 32:29

* **13:19** Rig 6:19-20

^e**13:19** *Die HERE*: Die •bronteks lui “Hy”.

* **13:20** *Toe ... sien*: Rig 6:21

* **13:20** *Hulle ... grond*: Lev 9:24; 1 Kron 21:14; Eseg 1:28

* **13:21** *Toe ... was*: Rig 6:22

* **13:22** Gen 32:30; Eks 33:20; Deut 5:24; Rig 6:22; 16:13; Jes 6:5

^f**13:22** *goddelike wese*: Die bronteks kan ook vertaal word “God”.

* **13:24** *Simson*: Heb 11:32

* **13:24** *Die seun ... geseën*: 1 Sam 2:21; 3:19; Luk 1:80

²⁵ Die Gees van die HERE het hom begin aanvuur* by Magane-Dan, tussen Sora en Estaol.

14

¹ Simson het afgegaan na Timna. In Timna het hy 'n vrou onder die Filistynse meisies raakgesien. ² Hy gaan toe op,⁸ en vertel dit vir sy pa en ma. Hy het gesê: “Ek het 'n vrou onder die Filistynse meisies in Timna raakgesien. Kry haar dan nou vir my as vrou.*” ³ Sy pa en ma sê toe vir hom: “Is daar onder die meisies van jou volksgenote, ja, onder my hele volk dan nie 'n vrou nie,* dat jy moet gaan om 'n vrou te kry onder die onbesnede* Filistyne?” Maar Simson het vir sy pa gesê: “Kry háár vir my, want in my oë is sy die regte een.”

⁴ Sy pa en ma het egter nie geweet dat dit van die HERE kom nie, want Hy wou 'n geleentheid teen die Filistyne vind. In dié tyd het die Filistyne oor Israel geheers.* ⁵ Simson, sy pa en sy ma^h het toe afgegaan na Timna. Toe hulleⁱ by die wingerde van Timna kom, storm daar skielik 'n jong leeu al brullend op hom af. ⁶ Maar die Gees van die HERE het van hom besit geneem,* en hy het die leeu uitmekaar geskeur soos 'n mens 'n bokkie uitmekaar sou skeur. Daar was niks in sy hand nie. Hy het egter nie vir sy pa en ma vertel wat hy gedoen het nie. ⁷ Hy het toe afgegaan en met die vrou gepraat, en sy was die regte een in Simson se oë.

*13:25 *Die Gees ... aanvuur*: Rig 3:10

⁸14:2 *gaan toe op*: Simson se ouerhuis was in die bergland.

*14:2 *Kry ... as vrou*: Vgl Gen 21:21; 24:4; 34:4

*14:3 *Is ... vrou nie*: Gen 24:3-4

*14:3 *onbesnede*: Gen 34:14; Rig 15:18; 1 Sam 17:26; 2 Sam 1:20

*14:4 *In ... geheers*: Rig 13:1

^h14:5 *sy pa ... ma*: Hierdie woorde is moontlik later bygevoeg; Rig 14:6.

ⁱ14:5 *hulle*: Die •Septuagint lui “hy”.

*14:6 *Gees ... geneem*: Rig 13:25; 14:19; 15:14

⁸ Toe hy 'n ruk later teruggaan om met haar te trou, het hy afgedraai om na die oorskot van die leeu te kyk. En sowaar, daar was 'n swerm bye in die karkas van die leeu, en heuning. ⁹ Hy het dit uitgekrap in sy hande en daarvan geloop en eet. Hy het na sy pa en ma gegaan, vir hulle daarvan gegee en hulle het ook geëet. Maar hy het nie vir hulle vertel dat hy die heuning uit die karkas van die leeu gekrap het nie.

¹⁰ Sy pa het na die vrou toe afgegaan. Simson het daar 'n bruilofsfees gehou, want dit is wat die jong manne gedoen het. ¹¹ Toe die Filistyne hom sien, het hulle dertig van hulle vertrouelinge aangewys om by hom te bly. ¹² Simson sê toe vir hulle: “Ek wil julle graag 'n raaisel vra. * As julle dit vir my binne die sewe dae van die bruilofsfees* volledig kan verklaar, ja, dit kan oplos, sal ek vir julle dertig stukke onderklere^j en dertig stelle feesklere gee. ¹³ Maar as julle dit nie vir my kan verklaar nie, moet julle vir my dertig stukke onderklere en dertig stelle feesklere, gee.” Hulle sê toe vir hom: “Vra jou raaisel, sodat ons dit kan hoor.” ¹⁴ Hy sê vir hulle:

“Uit die eter het iets te ete gekom;
uit 'n sterke het iets soets gekom.”

Drie dae lank kon hulle die raaisel nie verklaar nie. ¹⁵ Op die sewende dag^k sê hulle vir Simson se vrou: “Praat jou man om, * sodat hy die raaisel

* **14:12 raaisel vra:** 1 Kon 10:1; Spr 1:6

* **14:12 sewe ... bruilofsfees:** Gen 29:27

^j**14:12 stukke onderklere:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

^k**14:15 Op ... dag:** Ontbreek in een van die Hebreeuse mss. Sommige mss van die •Septuagint en die •Siriese vertaling lui “op die vierde dag”; vgl Rig 14:17.

* **14:15 Praat ... om:** Rig 16:5

vir ons verklaar, anders verbrand ons jou en jou familie.* Is dit om ons besittings af te neem dat julle ons genooi het, of nie?¹”

¹⁶ Simson se vrou het toe by hom gekerm en gesê: “Jy haat my net; jy het my nie lief nie.* Jy het vir die jong manne van my mense 'n raaisel gevra, maar vir my het jy dit nie verklaar nie.” Hy sê toe vir haar: “Kyk, vir my pa en ma het ek dit nie eers verklaar nie; moet ek dit dan vir jou verklaar?”¹⁷ Maar sy het vir die sewe dae wat hulle bruilofsfees geduur het, by hom bly kerm. Op die sewende dag het hy dit vir haar verklaar, omdat sy so by hom geneul het.* Sy het toe die raaisel vir die jong manne van haar mense verklaar.

¹⁸ Die manne van die stad het op die sewende dag, net voor sonder, vir Simson gesê:

“Wat is soeter as heuning
en wat is sterker as 'n leeu?”

Hy sê toe vir hulle: “As julle nie met my vers geploeg het nie, sou julle nie my raaisel kon oplos nie.”

¹⁹ Die Gees van die HERE het van hom besit geneem* en hy het afgegaan na Askelon. Hy het dertig man van hulle doodgeslaan, hulle uitrustings geneem en die klere vir dié wat die raaisel verklaar het, gegee. Hy was woedend en het opgegaan na sy pa se huis.²⁰* Simson se vrou het toe die

*14:15 *verbrand ... familie*: Rig 15:6

¹14:15 *of nie*: Vyf Hebreeuse mss en die •Targum lui “hierheen”.

*14:16 *Jy ... lief nie*: Rig 16:15

*14:17 *omdat ... geneul het*: Rig 16:6

*14:19 *Die ... geneem*: Rig 13:25; 14:6; 15:14

*14:20 Rig 15:2,6

vrou geword van sy vertroueling wat vir hom opgetree het as vriend vir die bruidegom.^m

15

¹ 'n Ruk later, in die tyd van die koringoes, het Simson sy vrou gaan besoek met 'n bokkie. Hy het gedink: “Ek wil by my vrou ingaan, in die binnekamer.”* Maar haar pa het hom toegang geweier. ² Haar pa het gesê: “Ek was vas oortuig dat jy haar heeltemal verwerp het; toe het ek haar vir jou vertrouelingⁿ gegee.* Is haar jonger suster nie mooier as sy nie? Laat sy maar joune word in haar plek.” ³ Maar Simson het vir hulle gesê: “Hierdie keer is ek sonder blaam teenoor die Filistyne wanneer ek by hulle gaan skade aanrig.”

⁴ Simson het gegaan en driehonderd jakkalse gevang. Hy het fakkels gevat, die jakkalse stert aan stert gedraai, en 'n fakkel in die middel tussen elke twee sterte vasgemaak. ⁵ Toe steek hy die fakkels aan die brand en laat die jakkalse los in die ongeoste graanlande van die Filistyne. Hy het alles, die gepakte gerwe, die ongeoste graan, selfs die wingerde en olyfboorde aan die brand gestee.*

⁶ Die Filistyne het gevra: “Wie het dit gedoen?” Die mense het gesê: “Simson, die skoonseun van die man in Timna, omdat hy sy vrou geneem

^m**14:20 vriend ... bruidegom:** Die woord “vriend” dui in hierdie verband die persoon aan wat onder andere vooraf al die reëlins vir die huwelik tref; vgl Joh 3:29. In Israel en die ou Nabye Ooste is die “vriend vir die bruidegom” ten strengste verbied om met die bruid te trou.

***15:1 Simson ... binnekamer:** Gen 38:16-17

ⁿ**15:2 jou vertroueling:** Dit verwys na die •vriend vir die bruidegom, die jong man wat die reëlins vir die huwelik getref het; vgl Rig 14:20.

***15:2 het ek ... gegee:** Rig 4:20

***15:5 Hy ... gestee:** Vgl Eks 22:6

en haar vir sy vertroueling gegee het.” Daarna het die Filistyne opgetrek en haar en haar pa verbrand.* ⁷ Simson het toe vir hulle gesê: “As dit is hoe julle optree, dan sal ek nie ophou voordat ek my op julle gewreek het nie.” ⁸ Hy het hulle kort en klein geslaan^o — 'n groot slagting! Toe het hy afgegaan en in die rotsskeur by Etam gaan woon.

⁹ Die Filistyne het opgetrek, in Juda kamp opgeslaan en hulle troepe in Legi^p ontplooi. ¹⁰ Die manne van Juda het gevra: “Waarom het julle teen ons opgetrek?” Hulle het geantwoord: “Om Simson gevange te neem, daarom het ons opgetrek, om aan hom te doen wat hy aan ons gedoen het.”

¹¹ Drieduisend man uit Juda het toe afgegaan na die rotsskeur by Etam. Hulle het vir Simson gesê: “Weet jy dan nie dat die Filistyne oor ons heers nie?* Wat het jy ons nou aangedoen?” Maar hy het vir hulle gesê: “Wat hulle aan my gedoen het, het ek net so aan hulle terug gedoen.”

¹² Hulle sê toe vir hom: “Dit is om jou gevange te neem dat ons hierheen afgekom het; om jou in die hande van die Filistyne oor te gee.” Simson het vir hulle gesê: “Lê vir my 'n eed af dat julle my nie self sal aanval nie.” ¹³ Hulle het hom geantwoord: “Nee, want ons gaan jou net goed vasbind en aan hulle oorhandig, maar ons sal jou beslis nie doodmaak nie.” Hulle het hom toe met twee nuwe toue vasgebind* en hom uit die rotsskuiling opgevat na buite.

¹⁴ Toe hy by Legi aankom, het die Filistyne hom juigend tegemoetgegaan.

***15:6** *Daarna ... verbrand:* Rig 14:15

^o**15:8** *kort ... geslaan:* Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “boud teen heup geslaan”.

^p**15:9** *Legi:* In Hebreeus beteken die naam ‘kakebeen’; vgl Jos 15:15.

***15:11** *Weet ... heers nie:* Rig 13:1; 14:4

***15:13** *Hulle het hom toe ... vasgebind:* Rig 16:11-12

Maar die Gees van die HERE het van hom besit geneem,* en die toue wat om sy voorarms was, het geword soos vlas wat vlam vat — die koorde het van sy hande af gesmelt.*¹⁵ *Hy kry toe die vars kakebeen van 'n donkie, steek sy hand uit, gryp dit vas en vel daarmee 'n duisend man neer.

¹⁶ Simson sê toe:

“Met die kakebeen van 'n donkie
lê daar 'n hoop, twee hope.^q
Met die kakebeen van 'n donkie
het ek duisend man verslaan.”

¹⁷ Toe hy klaar gepraat het, gooi hy die kakebeen neer en noem daardie plek Ramat-Legi.^r ¹⁸ Hy was baie dors en het na die HERE geroep.* Hy het gesê: “Dit is U wat deur die hand van u dienskneg hierdie groot oorwinning bewerk het. Moet ek dan nou van die dors sterf, en in die hand van die onbesnedenes val?”¹⁹ Daarop het God die hol plek wat by Legi is, oopgekloof en daar het water uitgekom. Simson het gedrink, sy asem teruggekry en weer nuwe lewe gehad.* Daarom noem hulle dit En-Hakkore,^s wat in Legi is tot vandag toe.²⁰ *Hy het Israel in die tyd van die Filistyne twintig jaar lank gerig.^t

*15:14 *Gees ... geneem*: Rig 13:25; 14:6,19

*15:14 *toue ... gesmelt*: Rig 16:12

*15:15 Rig 3:31

^q15:16 *Met ... hope*: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

^r15:17 *Ramat-Legi*: Die naam beteken ‘kakebeenhoogte’.

*15:18 *na ... geroep*: Rig 16:28

*15:19 *Simson ... gehad*: 1 Sam 30:12

^s15:19 *En-Hakkore*: Die naam beteken ‘fontein van die roepende’.

*15:20 Rig 13:1

^t15:20 *gerig*: Die Hebreeuse woord dui onder meer op beslissings gee, as leier of aanvoerder optree; •Rigter.

Simson en Delila

¹ Simson het na Gasa* gegaan. Hy het daar 'n prostituut gesien en by haar ingegaan. ² Aan die mense van Gasa is berig: “Simson het hierheen gekom.” Hulle het die stad omsingel en hom die hele nag by die stadspoort ingewag. Hulle was die hele nag stil, en het gesê: “Teen dagbreek maak ons hom dood.” ³ Simson het egter tot in die middel van die nag bly lê. Hy het in die middel van die nag opgestaan, die deure van die stadspoort en ook die twee kosyne beetgepak en dit saam met die sluitbalk uitgeruk. Hy het dit op sy skouers gesit en dit opgedra na die kruin van die berg wat teenoor Hebron lê.

⁴ *'n Ruk daarna het hy verlief geraak op 'n vrou in die Sorekdal; haar naam was Delila. ⁵ Die regeerders van die Filistyne* het na haar toe opgegaan en vir haar gesê: “Praat hom om en vind uit waarin sy groot krag lê, en hoe ons hom kan oorweldig en vasbind om hom weerloos te laat.* Elkeen van ons sal vir jou eenduisend eenhonderd sikkel^u silwer gee.”

⁶ Delila sê toe vir Simson: “Vertel asseblief vir my waarin jou groot krag lê, en hoe jy vasgebind kan word om jou weerloos te laat.” ⁷ Simson het haar geantwoord: “As hulle my vasbind met sewe vars boogsnare wat nog nie uitgedroog is nie, sal ek swak word en soos enige ander mens wees.”

⁸ Die regeerders van die Filistyne het sewe vars boogsnare wat nog nie

*16:1 Gasa: Rig 6:21

*16:4-21 Spr 31:3

*16:5 regeerders ... Filistyne: Jos 13:3

*16:5 Praat ... laat: Rig 14:15

^u16:5 1 100 sikkel: Ongeveer 12,5 kg; •Geldeenhede.

uitgedroog was nie, vir haar gestuur. Sy het hom daarmee vasgebind.

⁹ Terwyl dié wat wegkruip, in die binnekamer op haar wag, sê sy vir hom: “Die Filistyne is op jou, Simson!” Maar hy het die boogsnare uitmekaar geruk soos vlasdraadjies breek wanneer dit vuur ruik, en dit het nie bekend geword waarin sy krag lê nie.

¹⁰ Toe sê Delila vir Simson: “Kyk, jy het my vir die gek gehou; jy het vir my leuens vertel. Vertel nou asseblief vir my waarmee jy vasgebind kan word.” ¹¹ Hy het haar geantwoord: “As hulle my stewig vasbind met nuwe toue* waarmee nog geen werk gedoen is nie, sal ek swak word en soos enige ander mens wees.”

¹² Delila het toe nuwe toue geneem en hom daarmee vasgebind. Terwyl dié wat wegkruip, in die binnekamer wag, sê sy vir hom: “Die Filistyne is op jou, Simson!” Maar hy het die toue van sy voorarms af gebreek soos 'n garingdraad.*

¹³ Delila sê toe vir Simson: “Tot nou toe het jy my vir die gek gehou en vir my leuens vertel. Vertel my waarmee jy vasgebind kan word.” Hy het vir haar gesê: “As jy die sewe vlegsels op my kop in die skering van die weefraam inweef.”^v ¹⁴ ^w Sy het dit met die pen vasgeslaan en vir hom gesê: “Die Filistyne is op jou, Simson!” Hy het uit sy slaap wakker geskrik en die pen van die weefspoel saam met die skering uitgeruk.

***16:11** *nuwe toue*: Rig 15:13

***16:12** *Maar ... garingdraad*: Rig 15:14

^v**16:13** *As ... inweef*: Daar het in die •bronteks waarskynlik woorde uitgeval aan die einde van hierdie vers. Die res van die vers in die •Septuagint lui “en jy dit met 'n pen in die muur vassit, sal ek swak word en wees soos enige ander mens”.

^w**16:14** Hier het waarskynlik woorde uitgeval in die bronteks. Die Septuagint-weergawe aan die begin van hierdie vers lui “Delila het hom aan die slaap gemaak, die sewe vlegsels op sy kop in die skering van die weefraam begin inweef, en dit met die pen in die muur vasgeslaan.”

¹⁵ *Toe sê sy vir hom: “Hoe kan jy sê, ‘Ek het jou lief,’ maar jou hart is nie by my nie? Dit is die derde keer dat jy my vir die gek gehou het en nie vir my vertel het waarin jou groot krag lê nie.” ¹⁶ *En omdat sy die hele tyd met haar versoeke by hom geneul het en hom lastig geval het, het hy so ongeduldig geraak dat hy kon sterf. ¹⁷ Hy het toe sy hele hart vir haar oopgemaak. Hy het vir haar gesê: “'n Skeermes het nog nooit naby my kop gekom nie, want ek is van die moederskoot af 'n nasireër^x van God. As ek geskeer word, sal my krag van my wyk. Ek sal swak word en soos enige ander mens wees.”

¹⁸ Delila het gesien dat hy sy hele hart vir haar oopgemaak het. Sy het die regeerders van die Filistyne laat roep en gesê: “Kom hierdie keer hierheen op, want hy het vir my sy hele hart oopgemaak.” Die regeerders van die Filistyne het na haar opgegaan met die silwer* in hulle hande.

¹⁹ Sy het hom op haar skoot aan die slaap gemaak, iemand geroep en die sewe vlegsels op sy kop afgeskeer. So het sy begin om hom weerloos te maak. Sy krag het van hom gewyk.* ²⁰ Toe sy sê, “Die Filistyne is op jou, Simson!” het hy uit sy slaap wakker geskrik en gedink: “Ek sal uitkom soos elke vorige keer. Ek sal myself losruk.” Hy het egter nie besef dat die HERE van hom gewyk het nie.*

²¹ Toe gryp die Filistyne hom en steek sy oë uit. Hulle het hom na Gasa

*16:15 Rig 14:16

*16:16 Rig 14:17

^x16:17 *nasireër*: Iemand wat hom aan die HERE gewy het en vir dié doel 'n nasireërgelofte afgelê het. Hy moes hom onthou van die gebruik van wyn en bier en enigiets wat van die wingerdstok af kom, en sy hare en baard nie afskeer nie; vgl Num 6:5; Rig 13:5.

*16:18 *die silwer*: Rig 16:5

*16:19 *So ... gewyk*: Rig 16:5-6

*16:20 *die HERE ... het nie*: 1 Sam 16:14; 28:15-16

afgeneem en hom met bronskettings geboei.* Hy moes toe maalwerk doen in die gevangenis.²² Die hare op sy kop het egter weer begin groei nadat dit afgeskeer is.

²³ Die regeerders van die Filistyne het byeengekom om 'n groot offer aan Dagon,* hulle god, te bring en om aan hulle blydschap uiting te gee. Hulle het gesê: “Ons god het Simson, ons vyand, in ons hand gegee.”

²⁴ Toe die volk hom sien, het hulle hulle god geprys.* “Want,” het hulle gesê,

“ons god het ons vyand in ons hand gegee —
die verwoester van ons land,
wat ons gesneuweldes vermeerder het.”

²⁵ Toe hulle harte vrolik geraak het, sê hulle: “Roep vir Simson, dat hy ons kan vermaak.” Hulle roep Simson toe uit die gevangenis, en hy het hulle vermaak. Hulle het hom tussen die pilare laat staan.²⁶ Simson sê toe vir die jong man wat sy hand vashou: “Los my, sodat ek die pilare waarop die tempel rus, kan voel en daarteen kan leun.”²⁷ Die tempel was vol mans en vroue. Al die regeerders van die Filistyne was daar, en op die dak was ongeveer drieduisend mans en vroue wat na Simson se vermakery gekyk het.²⁸ *Toe roep Simson na die HERE en sê: “HERE, my Heer, dink tog aan my! Maak my asseblief nog net hierdie keer sterk, o God, sodat ek my vir een van my twee oë op die Filistyne kan wreek.”

²⁹ Simson vat toe die twee middelste pilare vas waarop die tempel rus, en leun teen hulle aan, met die een aan sy regterkant en die ander aan sy

* **16:21** *met bronskettings geboei:* 2 Kon 25:7; 2 Kron 33:11

* **16:23** *Dagon:* 1 Sam 5:2-5,7; 1 Kron 10:10

* **16:24** *hulle ... god geprys:* Dan 5:4

* **16:28** Jer 15:15

linkerkant. ³⁰ Daarop sê Simson: “Laat my saam met die Filistyne sterf!” Toe beur hy met alle mag. Die tempel het ingestort op die heersers en al die mense wat daarin was. Die dooies wat hy met sy sterwe omgebring het, was meer as dié wat hy in sy lewe omgebring het.

³¹ Sy broers en sy hele familie het toe afgekom en hom weggedra. Hulle het hom terug opgeneem en hom begrawe tussen Sora en Estaol* in die grafkelder^y van Manoag, sy pa.

Simson het Israel twintig jaar lank gerig.^{z*}

17

Miga

¹ Daar was 'n man uit die heuweland van Efraim.* Sy naam was Miga.

² Hy het vir sy ma gesê: “Daardie eenduisend eenhonderd sikkela silwer wat van jou gesteel is, en waaroor jy 'n vloek uitgespreek het, wat jy ook ten aanhore van my herhaal het — kyk, die silwer is hier by my. Dit is ek wat dit gevat het.” Sy ma het gesê: “Geseënd is my seun, deur die HERE.”^b

³ Hy het toe die eenduisend eenhonderd sikkela silwer teruggegee vir sy ma, maar sy ma het gesê: “Ek wy die silwer volledig aan die HERE. Dit is

*16:31 tussen ... Estaol: Rig 13:25

^y16:31 **grafkelder**: Gewoonlik 'n grot of ruimte wat in rots uitgekap is en waarvan die opening met 'n groot ronde klip bedek is.

^z16:31 **gerig**: Die Hebreeuse woord dui onder meer op beslissings gee, as leier of aanvoerder optree; •Rigter.

*16:31 Simson ... gerig: Rig 15:20

*17:1 heuweland van Efraim: Jos 24:33; Rig 2:9; 3:27

^a17:2 **1 100 sikkela**: Ongeveer 12,5 kg; •Geldeenrede.

^b17:2 **Geseënd ... HERE**: Met hierdie woorde wou die ma die vloek kragteloos maak. Vgl Rut 2:4; 3:10; 1 Sam 15:13.

uit my hand vir my seun, om daarvan 'n gesnede beeld en 'n gegote beeld^{c*} te maak. Ek gee dit dan nou weer vir jou.”⁴ Maar hy het die silwer weer vir sy ma teruggegee, en sy ma het tweehonderd sikkeld^d silwer geneem en dit vir 'n silwersmid gegee. Hy het 'n gesnede beeld, 'n gegote beeld, daarvan gemaak,^e en dit was toe in Miga se huis.

⁵ Hierdie man, Miga, het 'n heiligdom^e gehad. Hy het 'n efod^f en huisgode^g gemaak en een van sy seuns gewy, en dié het vir hom as priester opgetree. ⁶* In daardie tyd was daar geen koning in Israel nie; elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë.

⁷ Daar was 'n jong man uit Betlehem in Juda,^{*} van 'n familiegroep in Juda, maar hy was 'n Leviet en het daar tydelike verblyf gehad. ⁸ Hierdie man het uit die dorp gegaan, uit Betlehem in Juda, om tydelike verblyf te kry, waar hy dit ook al kon vind. Terwyl hy op pad was, kom hy toe in die heuweland van Efraim by Miga se huis aan.

⁹ Miga het hom gevra: “Waar kom jy vandaan?” Hy het hom geantwoord: “Ek is 'n Leviet uit Betlehem in Juda, en ek is op reis om tydelike verblyf te kry, waar ek dit ook al kan vind.” ¹⁰ Toe sê Miga vir hom: “Bly by my en

^c**17:3 gegote beeld:** Verwys ook na 'n houtbeeld, oorgetrek met goud- of silwerfoelie.

^{*}**17:3 gesnede ... gegote beeld:** Rig 18:14; vgl Eks 20:4; Lev 19:4

^d**17:4 200 sikkel:** Ongeveer 2,3 kg; •Geldeenhede.

^{*}**17:4 silwersmid ... gemaak:** Jes 40:19; 46:6

^e**17:5 heiligdom:** Letterlik ‘huis van god’. Hier verwys dit na 'n ruimte waarin 'n afgodsbeeld en ander godsdiensvoorwerpe geplaas is.

^f**17:5 efod:** Dit was 'n soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het.

^g**17:5 huisgode:** Beeldjies wat mense in hulle afgodsdiens gebruik het; vgl Gen 31:19.

^{*}**17:6** Rig 18:1; 19:1; 21:25

^{*}**17:7 Betlehem in Juda:** Gen 35:19; Rig 19:1; Miga 5:1

wees vir my 'n vader^h en 'n priester.* Ek sal vir jou tien sikkeliⁱ silwer in 'n jaar gee, asook klere en jou lewensonderhoud.” Die Leviet het daarmee akkoord gegaan.^j ¹¹ Toe het die Leviet besluit om by die man te bly. Die jong man was vir die man soos een van sy eie seuns. ¹² Miga het die Leviet gewy en die jong man het vir hom 'n priester geword en in Miga se huis gebly. ¹³ Miga het gesê: “Nou weet ek dat die HERE vir my goed sal wees, omdat die Leviet vir my 'n priester geword het.”

18

¹ In daardie tyd was daar geen koning in Israel nie.* En in daardie tyd was die stam van Dan* op soek na 'n erfdeel vir hulle om hulle te vestig. Want tot op daardie dag het nog geen plek tussen die stamme van Israel as erfdeel aan hulle toegeval nie. ² Toe stuur die nakomelinge van Dan uit al die manne wat hulle het, vyf manne uit hulle familiegroep, onverskrokke manne, vanaf Sora en Estaol,* om die land te verken en deur te kyk.* Hulle het vir die manne gesê: “Gaan kyk die land deur!” Hulle het toe in die heuweland van Efraim ingegaan tot by die huis van Miga en daar oornag.

³ Toe hulle naby Miga se huis was, het hulle die stem van die jong man, die Leviet,* herken, en toe het hulle daarheen afgedraai. Hulle het hom

^h17:10 **vader**: Dit was die titel van 'n geestelike leier.

* 17:10 *en wees ... priester*: Rig 18:19

ⁱ17:10 **10 sikkeli**: Ongeveer 114 g; •Geldeenhede.

^j17:10 **Die ... gegaan**: Letterlik ‘Die Leviet het gegaan.’ Hierdie sin word deur verskillende vertalings uitgelaat omdat dit beskou word as 'n duplisering van die eerste woorde van vs 11.

* 18:1 *geen ... Israel nie*: Rig 17:6; 19:1; 21:25

* 18:1 *stam van Dan*: Rig 1:34

* 18:2 *Sora en Estaol*: Rig 13:25

* 18:2 *verken ... te kyk*: Num 13:17; Jos 2:1; Rig 1:23

* 18:3 *jong ... Leviet*: Rig 17:7

gevra: “Wie het jou hierheen laat kom? Wat doen jy op hierdie plek? Watter belang het jy hier?”⁴ Hy sê toe vir hulle: “Miga het dit en dat vir my gedoen; en hy het my gehuur en ek het vir hom 'n priester geword.”*

⁵ Daarop vra hulle hom: “Raadpleeg God* asseblief, sodat ons kan weet of die reis waarop ons nou is, voorspoedig sal afloop.”⁶ Die priester het vir hulle gesê: “Gaan in vrede! Die pad waarop julle gaan, is voor die HERE.”

⁷ Die vyf manne het verder gegaan en by Lajis aangekom. Hulle merk toe dat die mense wat daar is, rustig woon, soos dit die gewoonte van die Sidoniërs was — onverstoord en rustig, met niks in die land wat skade aanrig of wat welvaart bedreig nie.^k Hulle was ver van die mense van Sidon en het niks met enigiemand te doen gehad nie.

⁸ Toe die vyf manne by hulle volksgenote in Sora en Estaol aankom, vra dié vir hulle: “Hoe het dit gegaan?”⁹ Hulle antwoord: “Maak gereed, laat ons optrek teen hulle! Want ons het die land gesien, en kyk, dit is baie goed. Wyfel julle nog? Moenie aarsel om te gaan, om die land in besit te gaan neem nie!”¹⁰ Wanneer julle die gebied binnegaan, sal julle aankom by 'n rustige volk en 'n gebied wat na alle kante wyd uitstrek. Ja, God gee dit in julle hand — 'n plek waar daar niks kortkom van enigiets wat in die land is nie.*”

¹¹ Hulle het toe daarvandaan weggetrek, uit Sora en Estaol, seshonderd manne uit die familiegroep van Dan, met hulle wapens aangeord.

¹² Hulle het opgetrek en kamp opgeslaan by Kirjat-Jearim* in Juda.

*18:4 en hy ... geword: Rig 17:10

*18:5 Raadpleeg God: Rig 20:18; vgl Num 27:21; 1 Kon 22:5

^k18:7 niks ... bedreig nie: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks en dit word verskillend vertaal.

*18:9 Moenie ... neem nie: Jos 18:3; 1 Kon 22:3

*18:10 'n plek ... is nie: Deut 8:9

*18:12 Kirjat-Jearim: Jos 9:12; 1 Kron 13:5-6; 2 Kron 1:4

Daarom noem hulle daardie plek tot vandag toe Magane-Dan.¹ Kyk, dit lê wes van Kirjat-Jearim.

¹³ Daarvandaan het hulle die grens oorgesteek na die heuweland van Efraim en by Miga se huis aangekom. ¹⁴ Die vyf manne wat gegaan het om die gebied by Lajis te verken, het toe aan die woord gekom en vir hulle volksgenote gesê: “Weet julle dat daar in hierdie geboue^m 'n efod,ⁿ huisgode,^o 'n gesnede beeld en 'n gegote beeld^p is? * Julle weet dan nou wat julle moet doen.”

¹⁵ Hulle het toe daarheen afgedraai en by die woonplek van die jong man, die Leviet in Miga se huishouding, aangekom en hom gegroet.^q ¹⁶ Die seshonderd manne uit die nakomelinge van Dan, * met hulle wapens aangegord, het stelling ingeneem by die toegangspoort. ¹⁷ Die vyf manne wat die land gaan verken het, het opgegaan, daar ingekom en die gesnede beeld, die efod, die huisgode en die gegote beeld gevat. Die priester het by die ingang van die poort by die seshonderd gewapende manne bly staan, ¹⁸ terwyl hulle by Miga se huis ingegaan en die gesnede beeld, die efod, die huisgode en die gegote beeld gevat het. Die priester

¹**18:12 Magane-Dan:** Die naam beteken ‘kamp van Dan’; vgl Rig 13:25.

^m**18:14 hierdie geboue:** Dit verwys na Miga se huis en sy heiligdom; vgl Rig 17:4-5.

ⁿ**18:14 efod:** Dit was 'n soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het.

^o**18:14 huisgode:** Beeldjies wat mense in hulle afgodsdienste gebruik het.

^p**18:14 gegote beeld:** Verwys ook na beelde wat uit hout gevorm en met goud- of silwerfoelie oorgetrek is.

* **18:14 Weet ... beeld is:** Rig 17:4-5

^q**18:15 hom gegroet:** Letterlik ‘hulle het hom oor vrede gevra’.

* **18:16 600 ... Dan:** Rig 17:11

vra toe vir hulle: “Wat doen julle?”¹⁹ Hulle het vir hom gesê: “Bly stil! Sit jou hand voor jou mond* en gaan saam met ons. Wees vir ons 'n vader^r en 'n priester.* Is dit vir jou beter om 'n priester te wees vir die huishouding van een man, of om priester te wees vir 'n stam en familiegroep in Israel?”²⁰ Die priester was verheug. Hy het die efod, die huisgode en die gesnede beeld geneem en by die manskappe aangesluit.

²¹ Hulle het toe omgedraai en verder gegaan. Hulle het die afhanklikes, die vee en die waardevolle goedere aan die voorpunt geplaas.²² Hulle was al 'n hele ent weg van Miga se huis af, toe die manne wat naby Miga se huis woon, opgeroep is. Hulle het die nakomelinge van Dan ingehaal²³ en na hulle geroep. Die nakomelinge van Dan het omgekyk en vir Miga gesê: “Wat is dit met jou dat jy jou mense opgeroep het?”²⁴ Hy het geantwoord: “My gode wat ek gemaak het,* het julle gevat, ook nog my priester,* en weggegaan. Wat bly vir my oor? Hoe kan julle dan vir my sê, ‘Wat is dit met jou?’ ”²⁵ Maar die nakomelinge van Dan het hom geantwoord: “Moenie op ons kom skreeu nie, anders val opvlieënde manne jou dalk aan en verloor jy jou lewe en dié van jou huismense.”²⁶ Die nakomelinge van Dan het toe verder gegaan op hulle reis. Toe Miga sien dat hulle te sterk vir hom was, het hy omgedraai en teruggegaan na sy huis.

²⁷ Hulle het dit wat Miga gemaak het en die priester wat hy gehad het, saamgeneem en Lajis, 'n onverstoorde en rustige volk,* oorval. Hulle het hulle met die skerpte van die swaard verslaan* en die dorp afgebrand.

*18:19 Sit ... mond: Job 21:5; 29:9; 39:37; Spr 30:32; Miga 7:16

^r18:19 vader: Dit was die titel van 'n geestelike leier.

*18:19 Wees ... priester: Rig 17:10

*18:24 My gode ... gemaak het: Rig 17:5

*18:24 ook ... priester: Rig 18:20

*18:27 'n onverstoorde ... volk: Rig 18:7

*18:27 Hulle het hulle ... verslaan: Jos 19:47

²⁸ Niemand kon hulle red nie, want die dorp was ver van Sidon af en hulle het niks met enigiemand te doen gehad nie.* Die dorp was in die vallei wat by Bet-Regob is.

Hulle het die dorp herbou en daarin gewoon. ²⁹* Hulle het die dorp Dan genoem, na hulle voorvader Dan wat vir Israel gebore is. Voorheen was die naam van die dorp Lajis. ³⁰ Die nakomelinge van Dan het die godsbeeld toe vir hulle opgerig. Jonatan, seun van Gersom, seun van Moses,* hy en sy seuns was priesters vir die stam van Dan tot die tyd toe die land se mense in ballingskap gegaan het. ³¹ Hulle het Miga se gesnede beeld wat hy gemaak het, vir hulle in stand gehou, so lank as wat die huis van God in Silo* was.

19

Gruweldaad by Gibeon

¹ In daardie tyd, toe daar geen koning in Israel was nie,* het 'n Levitiese man, wat tydelike verblyf gehad het in die afgeleë dele van die heuweland van Efraim, vir hom 'n byvrou uit Betlehem in Juda* geneem. ² Maar sy byvrou het 'n afkeer van hom gekry en van hom af weggegaan, terug na haar pa se huis, na Betlehem in Juda. Sy was vier maande daar, ³ toe maak haar man gereed en gaan agter haar aan om met haar te gaan mooipraat, om haar te laat terugkeer. Saam met hom was sy dienaar en ook twee donkies. Sy het hom in haar pa se huis ingeneem, en toe die jong vrou se pa hom sien, het hy hom met blydschap ontvang. ⁴ Sy skoonpa, die

*18:28 want ... gehad nie: Rig 18:7

*18:29 Jos 19:47

*18:30 Gersom ... Moses: Eks 2:22; 18:3

*18:31 huis ... Silo: Jos 18:1; Ps 78:60; Jer 7:12

*19:1 geen ... was nie: Rig 17:6; 18:1; 21:25

*19:1 Betlehem in Juda: Gen 35:19; Rig 17:7; Miga 5:1

pa van die jong vrou, het hom teruggehou, en hy het drie dae by hom gebly. Hulle het geëet en gedrink en daar oornag.

⁵ Op die vierde dag het hulle vroeg die oggend opgestaan en hy het gereedgemaak om te vertrek, maar die jong vrou se pa het vir sy skoonseun gesê: “Versterk jou innerlike met 'n stukkie brood; daarna kan jy gaan.” ⁶ Hulle twee het saam gaan sit en geëet en gedrink. Toe sê die jong vrou se pa vir die man: “Besluit nou maar en bly oor. Wees vrolik!” ⁷ Die man het gereedgemaak om te vertrek, maar sy skoonpa het by hom aangedring, en hy het weer daar oornag.

⁸ Op die vyfde dag het hy vroeg opgestaan om te vertrek, maar die jong vrou se pa het vir hom gesê: “Versterk jou innerlike!” Hulle het toe getalm tot die namiddag, terwyl die twee manne saam eet. ⁹ Toe die man opstaan om te gaan, hy en sy byvrou en sy dienaar, sê sy skoonpa, die pa van die jong vrou, vir hom: “Kyk, die dag is verby; die son sak. Bly tog maar oor. Kyk, die dag daal; bly hier oor en wees vrolik. Julle kan môre vroeg opstaan vir julle reis, en dan kan jy na jou woonplek gaan.” ¹⁰ Maar die man wou nie die nag oorbly nie. Hy het gereedgemaak en vertrek, en met sy twee opgesaalde donkies en sy byvrou by hom, gevorder tot teenoor Jebus, dit is Jerusalem.*

¹¹ Omdat hulle naby Jebus was, en die dag reeds verby, sê die dienaar vir sy heer: “Kom ons draai af na hierdie stad van die Jebusiete en oornag daar.” ¹² Maar sy heer antwoord hom: “Ons kan nie na 'n stad van vreemdes afdraai, wat nie aan die Israeliete behoort nie. Laat ons deurdruk na Gibeá.*” ¹³ Hy sê toe vir sy dienaar: “Kom, laat ons by een van die plekke probeer uitkom, laat ons oornag by Gibeá of Rama.”

¹⁴ *Hulle het toe daar verbygegaan en hulle reis voortgesit. Teen

*19:10 *Jebus ... Jerusalem*: Jos 15:63; Rig 1:21; 1 Kron 11:4

*19:12 *Gibeá*: Jos 18:28; Hos 10:9

*19:14-30 Rig 20:4-7

sononder was hulle digby Gibeá, wat aan Benjamin behoort.¹⁵ Daar het hulle afgedraai om in Gibeá te gaan oornag. Die man het ingegaan en op die stadspalein gaan sit,* maar niemand het hulle in sy huis ontvang om te oornag nie.*¹⁶ Net toe was daar 'n ou man, wat teen die aand van sy werk, van die landerye af, gekom het. Dié man was van die heuweland van Efraim en hy het net tydelike verblyf gehad in Gibeá — die mense van die plek was mos Benjaminiete.*¹⁷ Toe hy opkyk en die man, die reisiger, op die stadspalein sien, vra die ou man: “Waar gaan jy heen en waar kom jy vandaan?”¹⁸ Hy sê toe vir hom: “Ons is van Betlehem in Juda af op pad na die afgeleë dele van die heuweland van Efraim. Dit is waar ek vandaan kom. Ek het na Betlehem in Juda gegaan; nou is ek op pad na die huis van die HERE.^s Maar daar is niemand wat my in sy huis wil ontvang nie.¹⁹ Ons het strooi, asook voer vir ons donkies, en ook brood en wyn vir my en u diensmeisie en vir die jong man, wat saam met ons, u dienaars, is. Ons kom nie enigiets kort nie.”²⁰ Die ou man sê toe: “Vrede vir jou! Enigiets wat jy kortkom, is my verantwoordelikheid. Hier op die palein moet jy net nie oornag nie.”²¹ *Hy neem hulle toe in sy huis in en gee vir die donkies voer. Hulle het hulle voete gewas en geëet en gedrink.

²² Hulle was besig om vrolik te raak, toe daag manne van die dorp, 'n klomp booswigte, meteens daar op. Hulle omsingel toe die huis, hamer aan die deur en sê vir die ou man, die eienaar van die huis: “Bring die man uit wat by jou huis ingegaan het, sodat ons met hom gemeenskap kan hê!”*²³ *Die man, die eienaar van die huis, gaan toe na hulle uit en sê vir

* **19:15** *op ... sit:* Vgl Gen 19:2

* **19:15** *niemand ... oornag nie:* Rig 19:18

* **19:16** *Benjaminiete:* Rig 19:14; 20:4

^s**19:18** *op pad ... HERE:* Die •Septuagint lui “op pad na my huis”.

* **19:21** Vgl Gen 24:32; 43:24

* **19:22** *Bring ... hê:* Hos 9:9; 10:9; vgl Gen 19:5

* **19:23** Vgl Gen 19:6-7

hulle: “Nee, my broers, moet tog nie iets slegs doen nie! Noudat hierdie man in my huis ingekom het, moet julle tog nie hierdie gruweldaad pleeg nie. ²⁴ *Hier is my dogter, 'n maagd, en sy byvrou; laat ek hulle eerder uitbring. Verkrag hulle en doen met hulle soos julle goeddink. Maar aan hierdie man mag julle nie hierdie gruweldaad pleeg nie.”

²⁵ Die manne wou egter nie na hom luister nie. Toe gryp die man sy byvrou en stoot haar na buite uit, na hulle toe. Hulle het haar verkrag en haar die hele nag lank, tot die oggend toe, mishandel. Toe die dag breek, het hulle haar gelos. ²⁶ Die vrou het teen die oggend gekom en by die ingang van die man se huis waar haar man was, inmekaargesak en bly lê totdat dit heeltemal lig was.

²⁷ Toe haar heer die oggend opstaan, die deure van die huis oopmaak en uitgaan om sy reis voort te sit, kyk, daar lê die vrou, sy byvrou, by die ingang van die huis met haar hande op die drumpel! ²⁸ Hy sê toe vir haar: “Staan op; ons moet gaan!” Maar daar was geen reaksie nie. Hy laai haar toe op die donkie. Die man het toe gereedgemaak en na sy woonplek vertrek.

²⁹ *Toe hy by sy huis aankom, vat hy 'n mes, pak sy byvrou beet en sny haar op, ledemaat vir ledemaat, in twaalf stukke, en stuur haar deur die hele gebied van Israel. ³⁰ Elkeen wat dit gesien het, het gesê: “So iets het nog nooit gebeur nie en is nog nooit gesien nie, van die dag toe die Israëliete uit Egipteland opgetrek het tot vandag toe. Dink daaroor — maak 'n plan en praat! *”

*19:24 Vgl Gen 19:8

*19:29 Rig 20:6; vgl 1 Sam 11:7

*19:30 *Dink ... praat:* Rig 20:7

Benjamin se straf

¹ Al die Israeliete het toe uitgetrek. Die volksvergadering^t het, van Dan tot Berseba* en van die Gileadstreek af, soos een man byeenekom voor die HERE in Mispa.^u ² Die steunpilare^v van die hele volk, van al die stamme van Israel, het hulle plekke ingeneem in die byeenkoms van die volk van God. Dit was vierhonderdduisend man^w te voet, gewapen met swaarde. ³ Die Benjaminsiete het intussen gehoor dat die Israeliete opgetrek het na Mispa. Die Israeliete sê toe: “Vertel ons hoe hierdie bose daad plaasgevind het.” ⁴ *Die Levitiese man, die man van die vermoorde vrou, antwoord toe: “In Gibeon wat aan Benjamin behoort, het ek aangekom, ek en my byvrou, om te oornag. ⁵ Die burgers van Gibeon het toe teen my opgestaan en in die nag die huis omsingel, oor my teenwoordigheid. Dit was vir my wat hulle wou doodmaak; my byvrou het hulle verkrag, en sy het gesterf. ⁶ Ek het my byvrou gevat, haar in stukke opgesny en haar rondgestuur deur die hele gebied van die erfdeel van Israel, want hulle het 'n skanddaad en 'n gruweldaad gepleeg in Israel. ⁷ Kyk, julle is almal Israeliete — hier moet julle praat en raadgee.” ⁸ Die hele volk het soos een man opgestaan en gesê: “Niemand van ons sal na sy tent gaan, en niemand van ons sal na sy huis afdraai nie. ⁹ Dit is

^t**20:1 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

***20:1 Dan tot Berseba:** Rig 18:29; 1 Sam 3:20; 1 Kon 4:25; 2 Kron 30:5

^u**20:1 Mispa:** 'n Aanbiddingsplek in Israel, ongeveer 12½ km noordwes van Jerusalem.

^v**20:2 steunpilare:** Die •bronteks lui “hoekstene”, 'n metafoer vir die leiers; vgl 1 Sam 14:38; Jes 19:13.

^w**20:2 400 000 man:** Kan ook vertaal word “vierhonderd afdelings”; Rig 20:17.

***20:4-7** Rig 19:14-30

wat ons dan nou aan Gibeā gaan doen: teen hom optrek, volgens die lot.*

¹⁰ Ons sal van al die stamme van Israel tien man per honderd neem, honderd per duisend, en duisend per tienduisend, om padkos te gaan haal vir die manskappe, sodat daar by hulle terugkeer met Gibeā^x in Benjamin afgereken kan word na die volle maat van die gruweldaad wat hulle in Israel gepleeg het.”

¹¹ Elke man van Israel is byeengebring by die stad, soos een man was hulle verenig. ¹² Die stamme van Israel stuur toe manne uit onder die hele stam^y van Benjamin om vir hulle te sê: “Wat is hierdie bose daad wat onder julle plaasgevind het? ¹³ Lewer dan nou die klomp booswigte uit wat in Gibeā is,* sodat ons hulle kan doodmaak en die kwaad uit Israel kan uitroei.*” Maar die mense van Benjamin wou nie luister na hulle broers, die Israëliete, nie.

¹⁴ Die Benjaminiete het uit die dorpe saamgetrek by Gibeā om uit te trek vir die geveg met die Israëliete. ¹⁵ Die Benjaminiete wat uit die dorpe kom, is daardie dag gemonster — ses-en-twintigduisend man^z met swaarde gewapen. Dit was behalwe die inwoners van Gibeā wat gemonster is — sewehonderd uitgesoekte manne. ¹⁶ Onder al hierdie manskappe was daar sewehonderd uitgesoekte manne wat linkshandig was. Elkeen van hulle kon met 'n slingervel 'n klip op 'n haar gooi, sonder om te mis.

***20:9** *volgens die lot*: Vgl 1 Sam 10:20-21; 14:40-41

^x**20:10** *Gibeā*: Verskillende mss word hier gevolg. Die bronteks lui “Geba”.

^y**20:12** *die hele stam*: Die •Septuagint en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “al die stamme”.

***20:13** *booswigte ... is*: Rig 19:22

***20:13** *doodmaak ... uitroei*: Deut 13:5

^z**20:15** *26 000 man*: Kan ook vertaal word “ses-en-twintig afdelings manne”.

¹⁷ Die manne van Israel is ook gemonster; sonder Benjamin was hulle vierhonderdduisend man,^{a*} gewapen met swaarde, elkeen van hulle 'n krygsman. ¹⁸ Hulle het gereedgemaak en na Bet-El opgeruk* en God geraadpleeg.* Die Israeliete het gevra: “Wie van ons moet eerste optrek vir die geveg met die Benjaminiete?” Die HERE het gesê: “Juda eerste!”*

¹⁹ Die Israeliete het die oggend gereedgemaak en Gibeon beleër. ²⁰ Die manne van Israel het uitgetrek vir die geveg met Benjamin. Die manne van Israel het hulle by Gibeon in gevegslinies teenoor Benjamin opgestel. ²¹ Maar die Benjaminiete het uit Gibeon uitgetrek, en daardie dag in Israel twee-en-twintigduisend man neergevel. ²² Die manskappe, die manne van Israel, het moed bymekaargeskraap en hulle weer in gevegslinies opgestel op die plek waar hulle dit op die eerste dag gedoen het.

²³ Die Israeliete het vooraf opgetrek en voor die HERE getreur* tot die aand toe. Hulle het die HERE geraadpleeg: “Moet ons weer nadergaan vir die geveg met die kinders van Benjamin, ons broer?” Die HERE het toe geantwoord: “Trek teen hom op!” ²⁴ Die Israeliete het toe op die tweede dag nader beweeg na die Benjaminiete. ²⁵ Benjamin het hulle op die tweede dag uit Gibeon tegemoet getrek, en onder die Israeliete nog agttienduise man^b neergevel. Al daardie manne was met swaarde gewapen. ²⁶ Al die Israeliete, ja, al die manskappe, het opgetrek en by Bet-El aangekom. Hulle het getreur en daar voor die HERE gebly. Daardie dag het hulle tot die aand toe gevas en •brandoffers en •maaltydoffers

^a20:17 **400 000 man**: Kan ook vertaal word “vierhonderd afdelings manne”.

*20:17 *sonder ... 400 000 man*: Rig 20:2

*20:18 *na Bet-El opgeruk*: Rig 1:22; 20:26

*20:18 *God geraadpleeg*: Rig 18:5; vgl Num 27:21; 1 Kon 22:5

*20:18 *Die HERE ... eerste*: Rig 1:2

*20:23 *voor ... getreur*: Rig 20:26; 21:3

^b20:25 **18 000 man**: Kan ook vertaal word “agttien afdelings manne”.

voor die HERE gebring.

²⁷ Daarna het die Israëliete die HERE geraadpleeg. Die verbondsark van God was in dié tyd daar, ^{*} ²⁸ en Pinehas, seun van Eleasar, seun van Aäron, ^{*} het in daardie tyd voor die HERE diens gedoen. ^{*} Hulle het gevra:^c “Moet ons weer 'n keer uittrek vir die geveg met die kinders van Benjamin, ons broer, of moet ons ophou?” Die HERE het geantwoord: “Trek op, want môre gee Ek hulle in julle hand.”

²⁹ Israel het toe aan alle kante hinderlae teen Gibeä opgestel. ^{*} ³⁰ Die Israëliete het op die derde dag teen die Benjaminiete opgetrek, en soos die vorige kere gevegslinies teen Gibeä opgestel. ³¹ Die Benjaminiete het uitgetrek, die manskappe tegemoet. So is hulle uit die stad gelok. Hulle het begin om, soos die vorige kere, onder die manskappe slagoffers te eis op die paaie, waarvan die een pad na Bet-El opgaan en die ander deur die landerye na Gibeä lei — ongeveer dertig man van Israel. ³² Die Benjaminiete het gedink: “Hulle word deur ons verslaan soos voorheen.”^{*} Maar die Israëliete het afgespreek: “Laat ons vlug en hulle uit die stad lok na die paaie.”

³³ Al die manne van Israel het hulle stellings verlaat en gevegslinies opgestel by Baäl-Tamar, terwyl Israel uit die hinderlae, uit hulle skuilplekke, storm, uit Maäre-Geba,^d ³⁴ en tot reg voor^e Gibeä vorder —

^{*}20:27 Die verbondsark ... daar: Vgl 1 Sam 4:3-4

^{*}20:28 Pinehas ... Aäron: Num 25:7; 31:6; Jos 24:3

^{*}20:28 voor ... gedoen: Deut 10:8

^c20:28 Hulle het gevra: Ontbreek in die bronteks, maar word veronderstel.

^{*}20:29 hinderlae ... opgestel: Vgl Jos 8:4,12,14

^{*}20:32 Hulle ... soos voorheen: Rig 20:21

^d20:33 Maäre-Geba: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Ander vertaalmoontlikhede is “uit die oopte by Geba”, en, in navolging van sommige •Septuagint-mss en die •Vulgaat, “vanuit die weste van Gibeä”.

^e20:34 reg voor: Baie Hebreeuse mss en die •Targum lui “aan die suidekant”.

tienduisend^f uitgesoekte manne uit die hele Israel. Die geveg was hewig, maar die Benjamineete het nie besef dat 'n ramp hulle gaan tref nie.³⁵ Die HERE het Benjamin voor Israel uit verslaan. Die Israeliete het op daardie dag in Benjamin vyf-en-twintigduisend eenhonderd man neergevel, almal van hulle gewapen met swaarde.³⁶ Die Benjamineete het gesien dat hulle verslaan word. Die manne van Israel het net terrein afgestaan aan Benjamin omdat hulle staatgemaak het op die hinderlae wat hulle teen Gibeon opgestel het.³⁷ Die manne van die hinderlae het vinnig 'n aanval geloods* op Gibeon. Hulle het by mekaar aangesluit en die hele stad met die skerpte van die swaard verslaan.

³⁸ Die afspraak tussen die Israeliete en die manne in die hinderlae was: “Laat meer rook opstyg uit die stad!”³⁹ Die manne van Israel het dus teruggeval in die geveg, en die Benjamineete het begin om onder die manne van Israel slagoffers te eis — ongeveer dertig man — want hulle het gedink: “Israel word sonder twyfel geheel en al deur ons verslaan, soos in die vorige geveg.”*⁴⁰ Daar het egter 'n rookwolk* uit die stad begin opstyg, 'n kolom rook. En toe die Benjamineete omdraai — kyk, die hele stad was besig om in vlamme op te gaan!⁴¹ Die manne van Israel het teruggedraai, en die manne van Benjamin was angsbevange, want hulle het gesien dat 'n ramp hulle getref het.⁴² *Hulle het voor die manne van Israel teruggewyk in die rigting van die woestyn.⁸ Maar die geveg het hulle ingehaal, en die Israeliete wat uit die stede gekom het, het hulle in

^f20:34 **10 000**: Kan ook vertaal word “tien afdelings”.

*20:37 *hinderlae ... geloods*: Jos 8:19

*20:39 *Israel word ... geveg*: Rig 20:21,32

*20:40 *rookwolk*: Rig 20:38

*20:42 Vgl Jos 8:15,24

⁸20:42 **woestyn**: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

die middel vasgekeer en neergevel. ⁴³ Hulle het Benjamin van alle kante aangeval, hulle onvermoed^h agtervolg, en hulle vertrap tot anderkant Gibeā, tot aan die oostekant. ⁴⁴ Daar het van die Benjaminiete agttienduisend man geval, almal van hulle bekwame manne. ⁴⁵ Hulle het omgedraai, en na die woestyn, na die Rimmonrots,* gevlug. Maar die Israëliete het vyfduisend man wat nog op die paaie was, afgemaai. In die hakkejag tot by Gidom het hulle tweeduisend man van hulle neergevel. ⁴⁶ Almal uit Benjamin wat op daardie dag geval het, was vyf-en-twintigduisend man,* gewapen met swaarde, almal van hulle bekwame manne.

⁴⁷ *Maar seshonderd man het omgedraai en na die woestyn gevlug,* na die Rimmonrots. Hulle het vier maande lank by die Rimmonrots gebly. ⁴⁸ Die manne van Israel het teruggedraai na die Benjaminiete en hulle met die skerpte van die swaard verslaan,* van stad en mens tot dier, ja, alles waarop afgekom is. Hulle het ook al die stede waarop hulle afgekom het, aan die brand gesteek.

21

Vroue vir die Benjaminiete

¹ Die manne van Israel het in Mispaⁱ 'n eed afgelê: “Nie een van ons sal

^h**20:43 *onvermoed***: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die vertaling volg die •Targum en •Vulgaat wat lui “sonder rus”. Die bronteks lui “n rusplek”.

20:45 *Rimmonrots: Rig 20:47; 21:13

20:46 *25 000 man: Rig 20:44-45

***20:47** Rig 21:13

20:47 *na ... gevlug: Rig 20:42

20:48 *met ... verslaan: Deut 20:13

ⁱ**21:1 *Mispa***: 'n Aanbiddingsplek in Israel, ongeveer 12½ km noordwes van Jerusalem.

sy dogter vir iemand uit Benjamin as vrou gee nie.”² *Toe die volk by Bet-El aankom, het hulle daar tot die aand toe in God se teenwoordigheid gesit. Hulle het hardop en bitterlik gehuil.³ Hulle het gesê: “Waarom, HERE, God van Israel, het dit in Israel gebeur, dat daar vandag in Israel een stam ontbreek?”⁴ Die volgende dag het die manskappe vroeg opgestaan en daar 'n altaar gebou en •brandoffers en •maaltydoffers gebring.⁵ *Die Israeliete het gesê: “Wie is daar uit al die stamme van Israel wat nie opgetrek het na die HERE nie?” Want hulle het 'n plegtige eed afgelê teen elkeen wat nie optrek na die HERE in Mispa nie. Hulle het gesê: “So iemand moet beslis sterf.”

⁶ Die Israeliete het Benjamin, hulle broer, jammer gekry en gesê: “Vandag is daar een stam uit Israel weggesny.⁷ Wat kan ons, wat vroue betref, doen vir hulle, vir dié wat oorgebly het? Ons het self by die HERE 'n eed afgelê dat ons nie van ons dogters vir hulle as vroue sal gee nie.”

⁸ Hulle sê toe: “Watter een van die stamme van Israel het nie opgetrek na die HERE in Mispa nie?” Kyk, niemand uit Jabes in Gilead* het na die kamp, na die byeenkoms, gekom nie.⁹ Die manskappe is toe nagegaan, en sowaar, niemand van die inwoners van Jabes in Gilead was daar nie.¹⁰ Die volksvergadering stuur toe twaalfduisend man, van die kranigste manne, daarheen met die opdrag: “Gaan en verslaan die inwoners van Jabes in Gilead met die skerpte van die swaard,* ook die vroue en kinders.¹¹ *Dit is wat julle moet doen: Elke man moet julle met die

*21:2-3 Rig 20:18,23,26

*21:4 *altaar ... gebring*: Rig 20:26; 2 Sam 24:25

*21:5 Rig 20:1; 21:8-10

*21:8 *Jabes in Gilead*: 1 Sam 11:1; 31:11-13

*21:10 *Gaan ... swaard*: Rig 21:5; vgl 1 Sam 11:7

*21:11 Num 31:17

banvloek^j tref, en ook elke vrou wat met 'n man gemeenskap gehad het.”

¹² Hulle het toe onder die inwoners van Jabes in Gilead vierhonderd jongmeisies gevind, maagde, wat nie met 'n man gemeenskap gehad het nie. Hulle het hulle na die kamp by Silo, * wat in die land Kanaän is, gebring. ¹³ Die hele volksvergadering het toe boodskappers gestuur om met die Benjaminiete wat by die Rimmonrots* was, te praat en met hulle vrede te sluit. ¹⁴ Benjamin het toe in dié tyd teruggekeer, en die vroue wat hulle laat lewe het onder die vroue van Jabes in Gilead, is aan hulle as vroue gegee. Maar op dié wyse kon hulle nie genoeg vroue vir hulle kry nie.

¹⁵ Die mense het Benjamin jammer gekry, omdat die HERE 'n skeuring veroorsaak het tussen die stamme van Israel. ¹⁶ Die oudstes^k van die volksvergadering het gesê: “Wat kan ons doen, wat vroue betref, vir dié wat oorgebly het? Want vroue is uit Benjamin uitgedelg.” ¹⁷ Hulle sê toe: “Daar moet erfgename^l wees vir die oorblyfsel van Benjamin. 'n Stam mag nie uit Israel uitgewis word nie. ¹⁸ Ons kan egter nie self vir hulle uit ons dogters vroue gee nie; want die Israeliete het 'n eed afgelê met die woorde, ‘Vervloek is hy wat 'n vrou vir iemand uit Benjamin gee.’”

¹⁹ Toe sê hulle: “Kyk, daar is elke jaar die fees van die HERE in Silo.”

^j**21:11 banvloek:** Die banvloek beteken dat iets volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word, soos in hierdie geval, heeltemal vernietig; •Banvloek.

***21:12 Silo:** Rig 18:31

***21:13 Rimmonrots:** Rig 20:45,47

^k**21:16 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^l**21:17 erfgename:** Daar is onsekerheid oor die vertaling van die •bronteks. Kan ook vertaal word “erflike besit”.

***21:18 want ... Benjamin gee:** Rig 21:1

Dit lê noord van Bet-El, en suid van Lebona aan die oostekant van die pad wat van Bet-El af opgaan na Sigem.^{m 20} Hulle beveel toe die Benjamine: “Gaan kruip weg in die wingerde,²¹ en wees op die uitkyk. Die oomblik wanneer die meisies van Silo uitkom om kringdane* te doen, moet julle uit die wingerde kom en elkeen moet vir hom 'n vrou ontvoer uit die meisies van Silo. Dan moet julle na die land van Benjamin gaan.²² As hulle pa's of broers kom om by ons beswaar aan te teken, sal ons vir hulle sê, ‘Wees die Benjamine om ons onthalwe genadig, want nie elkeen van ons het gedurende die oorlog vir hom 'n vrou geneem nie. En julle het nie self die meisies aan hulle gegee nie. Net in só 'n geval sou julle skuldig wees.’ ”

²³ Die Benjamine het toe so gemaak. Hulle het, volgens hulle getal, vroue weggedra uit die dansers wat hulle gegryp het. Daarna het hulle weggegaan en teruggekeer na hulle erfdeel. Hulle het die stede herbou en daarin gewoon.*

²⁴ In daardie tyd het die Israëliete daarvandaan uiteengegaan, elkeen na sy stam en sy familiegroep, en van daar af het elkeen van hulle weer na sy erfdeel gegaan.

²⁵ In daardie tyd was daar geen koning in Israel nie;* elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë.

^m**21:19 Dit ... Sigem:** Hierdie woorde is waarskynlik later bygevoeg as 'n verduidelikende nota.

***21:21 kringdane:** Eks 15:20; 1 Sam 18:6; Jer 31:13

***21:23 Hulle het die ... gewoon:** Rig 20:48

***21:25 geen ... Israel nie:** Rig 18:1; 17:6; 19:1